



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

POTCHEFSTROOMKAMPUS

NATUURWETENSKAPPE



NAGRAADSE PROGRAMME

JAARBOEK 2016

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

NAGRAADS

Potchefstroomkampus

Rig alle korrespondensie aan

Die Registrateur
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
Potchefstroom
2520

Tel: (018)299-1111/2222

Faks: (018)299-2799

Internet: <http://www.nwu.ac.za>

U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.

Die **Algemene Akademiese Reëls** van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel op die web:

http://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/7P-Arules2015_a.pdf

Jaarboek op die web beskikbaar: <http://www.nwu.ac.za/af/e-jaarboek-indeks>

Let Wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.

Waarskuwing teen plagiaat: Werkstukke is individuele take en nie groepaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepaktiwiteit).

<http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels>

INHOUDSOPGAWE

N.1	REËLS: FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE	1
N.1.1	INLEIDING.....	1
N.1.1.1	Gesag van die Algemene Akademiese Reëls (A-Reëls).....	1
N.1.1.1.1	Die Fakulteitsreëls, wat vir die verskillende programme van hierdie Fakulteit geld en in hierdie Fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Akademiese Reëls saamgelees word.	1
N.1.2	SKOLE, SENTRA EN NAVORSINGSENTITEITE IN DIE FAKULTEIT	1
N.1.3	KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS	2
N.1.3.1	Grade.....	2
N.1.4	MODULES EN KREDIETE	7
N.1.4.1	Verhouding tussen kredietpunte en eksamenvraestelle	7
N.1.5	ERKENNING VAN VORIGE LEER	7
N.1.6	TOELATING EN REGISTRASIE.....	8
N.1.7	TAALMEDIUM	8
N.1.8	GOEDKEURING VAN STUDIEPROGRAMME	8
N.1.9	EKSAMINERING EN SLAAGVEREISTES	8
N.1.9.1	Keerdatums.....	8
N.1.10	VORDERING IN 'N KURRIKULUM GEBASEER OP VERONDERSTELDE LEER	9
N.1.11	BEËINDIGING VAN STUDIES.....	9
N.1.12	PROFESSIONELE STATUS.....	9
N.2	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS SCIENTIAE	10
N.2.1	DUUR VAN DIE STUDIE	10
N.2.2	TOELATING EN REGISTRASIE.....	10
N.2.3	AANNAMES OOR VORIGE LEER	10
N.2.4	VERWERWING VAN DIE GRAAD.....	11
N.2.4.1	Kwalifikasie met onderskeiding.....	11

N.2.5	STUDIEPROGRAMME	11
N.2.6	UITTREEVLAKUITKOMSTE	11
N.2.6.1	Natuurwetenskaplike (insluitend wiskundige en rekenaarkundige) en tegnologiese probleemoplossing	12
N.2.6.2	Toepassing van fundamentele en spesialis-kennis	12
N.2.6.3	Ondersoeke, eksperimentering en data-analise.....	12
N.2.6.4	Wetenskaplike metodes, vaardighede en inligtingstechnologie	12
N.2.6.5	Professionele en algemene kommunikasie.....	13
N.2.6.6	Impak van natuurwetenskaplike aktiwiteit op die gemeenskap en die omgewing.....	13
N.2.6.7	Span- en multidissiplinêre werk.....	13
N.2.6.8	Lewenslange leer	13
N.2.6.9	Professionele etiek en praktyk.....	14
N.2.7	ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE	14
N.2.8	PROGRAM: BIOCHEMIE	14
N.2.8.1	Kurrikulum N650P: Biochemie.....	14
N.2.9	PROGRAM: CHEMIE	15
N.2.9.1	Kurrikulum N651P: Chemie	15
N.2.10	PROGRAM: FISIKA.....	16
N.2.10.1	Kurrikulum N652P: Fisika	16
N.2.11	PROGRAM: REKENAARWETENSKAP EN INLIGTINGSTELSELS	17
N.2.11.1	Kurrikulum N653P: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels	17
N.2.12	PROGRAM: STATISTIEK.....	18
N.2.12.1	Kurrikulum N654P: Statistiek.....	18
N.2.13	PROGRAM: TOEGEPASTE WISKUNDE	19
N.2.13.1	Kurrikulum N601P: Toegepaste Wiskunde	19
N.2.14	PROGRAM: WISKUNDE	20
N.2.14.1	Kurrikulum N601P: Wiskunde.....	20
N.2.15	PROGRAM: AKTUARIËLE WETENSKAP	21
N.2.15.1	Kurrikulum N609P: Aktuariële wetenskap (Na BSc N137P).....	21
N.2.16	PROGRAM: KWANTITATIEWE RISIKOBESTUUR	22
N.2.16.1	Kurrikulum N610P: Kwantitatiewe Risikobestuur (Na BSc N134P of N137P).....	22
N.2.17	PROGRAM: FINANSIËLE WISKUNDE	23

N.2.17.1	Kurrikulum N611P: Finansiële Wiskunde (Na BSc N135P).....	23
N.2.18	PROGRAM: DATA-ONTGINNING.....	24
N.2.18.1	Kurrikulum N612P: Data-ontginning (Na BSc N134P, N136P).....	24
N.2.19	PROGRAM: OMGEWINGSWETENSKAPPE	25
N.2.19.1	Kurrikulum N648P: Geografie en Omgewingsbestuur.....	25
N.2.19.2	Kurrikulum N641P: Ekologiese remediëring en volhoubare bestuur.....	26
N.2.19.3	Kurrikulum N642P: Biodiversiteit en bewaringsekologie	27
N.2.19.4	Kurrikulum N643P: Akwatiese ekosisteenwelstand.....	28
N.2.19.5	Kurrikulum N644P: Plantbeskerming	29
N.2.19.6	Kurrikulum N646P: Omgewingsgeologie	30
N.2.19.7	Kurrikulum N647P: Hidrologie	31
N.2.19.8	Kurrikulum N649P: Afvalbestuur.....	32
N.2.20	EKSAMINERING	33
N.2.20.1	Samestelling van die deelnamepunt	33
N.2.20.2	Toelating tot die eksamen	33
N.2.20.3	Modulepunt	33
N.2.20.4	Slaagvereistes.....	33
N.2.20.5	Aantal eksamengeleenthede en herhaling van modules.....	33
N.2.20.6	Onbevredigende akademiese prestasie	33
N.3	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS COMMERCII	34
N.3.1	DUUR VAN DIE STUDIE	34
N.3.2	TOELATING EN REGISTRASIE.....	34
N.3.3	AANNAMES OOR VORIGE LEER	34
N.3.4	STUDIEPROGRAMME	34
N.3.5	ALGEMENE UITTREEVLAKUITKOMSTE	35
N.3.6	PROGRAM: REKENAARWETENSKAP-INLIGTING-STELSLS.....	35
N.3.6.1	Kurrikulum N658P: Rekenaarwetenskap-Inligtingstelsels	35
N.3.7	EKSAMINERING	35
N.4	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE	36
N.4.1	INLEIDING.....	36
N.4.2	DUUR VAN DIE STUDIE	37

N.4.3	AANNAMES OOR VORIGE LEER	37
N.4.4	TOELATING EN REGISTRASIE.....	38
N.4.5	GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM.....	38
N.4.6	ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE	38
N.4.7	VERANDERING VAN MAGISTERSTUDIE NA DOKTORSTUDIE.....	38
N.4.8	UITTREEVLAKUITKOMSTE	39
N.4.8.1	Natuurwetenskaplike (insluitend wiskundige en rekenaarkundige) en tegnologiese probleemoplossing	39
N.4.8.2	Toepassing van fundamentele en spesialis-kennis	39
N.4.8.3	Ondersoeke, eksperimentering en data-analise.....	40
N.4.8.4	Wetenskaplike metodes, vaardighede en inligtingstegnologie	40
N.4.8.5	Professionele en algemene kommunikasie.....	40
N.4.8.6	Impak van natuurwetenskaplike en gesondheidswetenskaplike aktiwiteit op die gemeenskap en die omgewing	40
N.4.8.7	Span- en multidisiplinêre werk.....	41
N.4.8.8	Lewenslange leer	41
N.4.8.9	Professionele etiek en praktyk.....	41
N.4.9	PROGRAMME IN DIE NAVORSINGSEENHEID VIR BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA EN DIE SENTRUM VIR BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA	41
N.4.9.1	Spesifieke aannames oor vorige leer.....	41
N.4.9.2	Programspesifieke artikulasie moontlikhede.....	42
N.4.9.2.1	MSc-kurrikulums N861P – 808P in Rekenaarwetenskap, Statistiek, Toegepaste Wiskunde en Wiskunde	42
N.4.9.2.2	MSc-kurrikulums N809P – 811P in Bedryfswiskunde en Informatika en N865P in Risiko-analise	42
N.4.10	PROGRAM: REKENAARWETENSKAP	43
N.4.10.1.1	Kurrikulum N861P: Rekenaarwetenskap	43
N.4.11	PROGRAM: STATISTIEK.....	44
N.4.11.1	Kurrikulum N862P: Statistiek.....	44
N.4.12	PROGRAM: TOEGEPASTE WISKUNDE	45
N.4.12.1	Kurrikulum N863P: Toegepaste Wiskunde	45
N.4.13	PROGRAM: WISKUNDE.....	46
N.4.13.1	Kurrikulum N864P: Wiskunde.....	46
N.4.14	PROGRAM: KWANTITATIEWE RISIKOBESTUUR	47

N.4.14.1	Kurrikulum N809P: BWI (Kwantitatiewe Risikobestuur- Na Hons BSc N609P of N610P).....	47
N.4.15	PROGRAM: FINANSIËLE WISKUNDE	48
N.4.15.1	Kurrikulum N810P: BWI (Finansiële Wiskunde - Na Hons BSc N611P).....	48
N.4.16	PROGRAM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA.....	49
N.4.16.1	Kurrikulum N811P: BWI Bedryfsanalise (Na Hons BSc N612P)	49
N.4.17	PROGRAM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA.....	50
N.4.17.1	Kurrikulum N865P in Risiko-analise.....	50
N.4.18	PROGRAM: RUIIMTEFISIKA	51
N.4.18.1	Kurrikulum N866P: Fisika	51
N.4.18.2	Kurrikulum N867P: Astrofisika en Ruimtewetenskap	52
N.4.19	PROGRAM: CHEMIE	53
N.4.19.1	Kurrikulum N868P: Chemie.....	53
N.4.20	PROGRAM: BIOCHEMIE	53
N.4.20.1	Kurrikulum N869P: Biochemie.....	53
N.4.21	PROGRAM: OMGEWINGSWETENSKAPPE	54
N.4.21.1	Kurrikulum N830P: Omgewingswetenskappe (Voltyds en Deeltyds).....	54
N.4.21.2	Kurrikulum N831P: Chemie	55
N.4.22	PROGRAM : OMGEWINGSWETENSKAPPE	55
N.4.22.1	Kurrikulum N832P: Hidrologie and Geohidrologie (Voltyds en Deeltyds).....	55
N.4.23	PROGRAM: DIERKUNDE	55
N.4.23.1	Kurrikulum N826P: Dierkunde (Voltyds en Deeltyds).....	55
N.4.24	PROGRAM: GEOGRAFIE EN OMGEWINGSBESTUUR.....	56
N.4.24.1	Kurrikulum N829P: Geografie en Omgewingsbestuur (Voltyds en Deeltyds).....	56
N.4.25	PROGRAM: MIKROBIOLOGIE	56
N.4.25.1	Kurrikulum N827P: Mikrobiologie (Voltyds en Deeltyds)	56
N.4.26	PROGRAM: PLANTKUNDE	57
N.4.26.1	Kurrikulum N828P: Plantkunde (Voltyds en Deeltyds)	57
N.4.27	PROGRAM: NATUURWETENSKAPONDERWYS	57
N.4.27.1	Kurrikulum N860P: Natuurwetenskaponderwys	57
N.4.28	EKSAMINERING	57

N.4.28.1	Eksamens	57
N.4.28.2	Samestelling van die deelnamepunt	57
N.4.28.3	Toelating tot die eksamen vir modules waarin eksamen geskryf word	57
N.4.28.4	Modulepunt	58
N.4.28.5	Slaagvereistes.....	58
N.4.28.6	Herhaling van modules.....	58

N.5 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER IN OMGEWINGS-BESTUUR..... 59

N.5.1	INLEIDING.....	59
--------------	-----------------------	-----------

N.5.2	DUUR VAN DIE STUDIE	59
--------------	----------------------------------	-----------

N.5.3	AANNAMES OOR VORIGE LEER	59
--------------	---------------------------------------	-----------

N.5.4	TOELATING EN REGISTRASIE.....	60
--------------	--------------------------------------	-----------

N.5.5	GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM.....	60
--------------	---	-----------

N.5.6	ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE	60
--------------	--------------------------------------	-----------

N.5.7	UITTREEVLAKUITKOMSTE	60
--------------	-----------------------------------	-----------

N.5.7.1	Algemene uittreevlakuitkomste.....	60
---------	------------------------------------	----

N.5.7.2	Spesifieke uittreevlakuitkomste	61
---------	---------------------------------------	----

N.5.7.2.1	Kennis.....	61
-----------	-------------	----

N.5.7.2.2	Vaardighede.....	62
-----------	------------------	----

N.5.7.2.3	Waardes	62
-----------	---------------	----

N.5.8	PROGRAM: OMGEWINGSBESTUUR.....	63
--------------	---------------------------------------	-----------

N.5.8.1	Programreëls	63
---------	--------------------	----

N.5.8.2	Kurrikulum N824P: Omgewingbestuur (Na 'n relevante honneursgraad).....	63
---------	--	----

N.5.9	EKSAMINERING	63
--------------	---------------------------	-----------

N.5.9.1	Eksamens	63
---------	----------------	----

N.5.9.2	Samestelling van die deelnamepunt.....	63
---------	--	----

N.5.9.3	Toelating tot die eksamen vir modules waarin eksamen geskryf word	63
---------	---	----

N.5.9.4	Modulepunt	64
---------	------------------	----

N.5.9.5	Slaagvereistes.....	64
---------	---------------------	----

N.5.9.6	Herhaling van modules.....	64
---------	----------------------------	----

N.6 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER COMMERCII..... 65

N.6.1	INLEIDING	65
N.6.2	DUUR VAN DIE STUDIE	65
N.6.3	AANNAMES OOR VORIGE LEER	65
N.6.4	TOELATING EN REGISTRASIE	66
N.6.5	GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM	66
N.6.6	ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE	66
N.6.7	VERANDERING VAN MAGISTERSTUDIE NA DOKTORSTUDIE	66
N.6.8	UITTREEVLAKUITKOMSTE	67
N.6.8.1	Kennis.....	67
N.6.8.2	Vaardighede.....	67
N.6.9	PROGRAM: REKENAARWETENSKAP EN INLIGTINGSTELSELS	68
N.6.9.1	Kurrikulum N870P: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels	68
N.6.10	EKSAMINERING	69
N.6.10.1	Eksamens	69
N.6.10.2	Samestelling van die deelnamepunt	69
N.6.10.3	Toelating tot die eksamen vir modules waarin eksamen geskryf word	69
N.6.10.4	Modulepunt	69
N.6.10.5	Slaagvereistes.....	69
N.6.10.6	Herhaling van modules.....	69
N.7	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM ET SCIENTIAE (BEPLANNING)	70
N.7.1	INLEIDING	70
N.7.2	DUUR VAN DIE STUDIE	70
N.7.3	AANNAMES OOR VORIGE LEER	70
N.7.4	TOELATING EN REGISTRASIE	70
N.7.5	GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM	71
N.7.6	ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE	71
N.7.7	VERANDERING VAN MAGISTERSTUDIE NA DOKTORSTUDIE	71
N.7.8	UITTREEVLAKUITKOMSTE	71
N.7.9	DOEL	72
N.7.10	PROGRAM: STADS- EN STREEKBEPANNING	72
N.7.10.1	Kurrikulum N825P: Stads- en Streekbeplanning (Voltyds of Deeltyds)	72

N.7.11	EKSAMINERING	72
N.7.11.1	Eksamens	72
N.7.11.2	Samestelling van die deelnamepunt	72
N.7.11.3	Toelating tot die eksamen vir modules waarin eksamen geskryf word	72
N.7.11.4	Modulepunt	72
N.7.11.5	Slaagvereistes.....	72
N.7.11.6	Herhaling van modules.....	73

N.8 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE IN LANDBOU IN EKONOMIE..... 74

N.8.1	INLEIDING.....	74
N.8.2	DUUR VAN STUDIE	74
N.8.3	AANNAMES OOR VORIGE LEER	74
N.8.4	TOELATING EN REGISTRASIE.....	74
N.8.5	GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM.....	75
N.8.6	ARTIKULASIE MOONTLIKHEDE.....	75
N.8.7	VERANDERING VAN MAGISTERSTUDIE NA DOKTORSTUDIE.....	75
N.8.8	UITREEVLAKUITKOMSTE	75
N.8.9	DOEL.....	76
N.8.10	PROGRAM: LANDBOU IN EKONOMIE.....	76
N.8.10.1	Kurrikulum N873P: Landbou in ekonomie (Voltyds of Deeltyds)	76
N.8.11	EKSAMINERING	76
N.8.11.1	Eksamens	76
N.8.11.2	Samestelling van die deelnamepunt	76
N.8.11.3	Toelating tot die eksamen vir modules waarin eksamen geskryf word	76
N.8.11.4	Modulepunt	76
N.8.11.5	Slaagvereistes.....	76
N.8.11.6	Herhaling van modules.....	77

N.9 REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR 78

N.9.1	INLEIDING.....	78
N.9.2	DUUR VAN DIE STUDIE	79
N.9.3	AANNAMES OOR VORIGE LEER	79

N.9.4	TOELATING EN REGISTRASIE.....	79
N.9.5	GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM.....	80
N.9.6	ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE	80
N.9.7	UITTREEVLAKUITKOMSTE	80
N.9.8	PROGRAM: REKENAARWETENSKAP	82
N.9.8.1	Kurrikulum N901P: Rekenaarwetenskap	82
N.9.9	PROGRAM: STATISTIEK.....	82
N.9.9.1	Kurrikulum N902P: Statistiek	82
N.9.10	PROGRAM: TOEGEPASTE WISKUNDE	82
N.9.10.1	Kurrikulum N903P: Toegepaste Wiskunde	82
N.9.11	PROGRAM: WISKUNDE	82
N.9.11.1	Kurrikulum N904P: Wiskunde.....	82
N.9.12	PROGRAM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA.....	83
N.9.12.1	Kurrikulum N905P: Bedryfswiskunde.....	83
N.9.13	PROGRAM: RISIKO-ANALISE	83
N.9.13.1	Kurrikulum N915P: Risiko-analise	83
N.9.14	PROGRAM: RUIMTEFISIKA	83
N.9.14.1	Kurrikulum N906P: Fisika	84
N.9.15	PROGRAM: CHEMIE	84
N.9.15.1	Kurrikulum N907P: Chemie	84
N.9.16	PROGRAM: OMGEWINGSWETENSKAPPE	84
N.9.16.1	Kurrikulum N914P: Omgewingswetenskappe	85
N.9.16.2	Kurrikulum N916P: Chemie	85
N.9.16.3	Kurrikulum N917P: Hidrologie en Geohidrologie.....	85
N.9.17	PROGRAM: DIERKUNDE	86
N.9.17.1	Kurrikulum N908P: Dierkunde	86
N.9.18	PROGRAM: GEOGRAFIE EN OMGEWINGS-BESTUUR	86
N.9.18.1	Kurrikulum N909P: Geografie en Omgewingsbestuur.....	86
N.9.19	PROGRAM: MIKROBIOLOGIE	87
N.9.19.1	Kurrikulum N910P: Mikrobiologie	87
N.9.20	PROGRAM: PLANTKUNDE	87
N.9.20.1	Kurrikulum N911P: Plantkunde.....	87

N.9.21	PROGRAM: STADS- EN STREEKBEPLANNING	87
N.9.21.1	Kurrikulum N912P: Stads- en Streekbeplanning.....	87
N.9.21.2	Doel	88
N.9.22	PROGRAM: LANDBOU, EKONOMIE	88
N.9.22.1	Kurrikulum N922P: Landbou, ekonomie	88
N.9.23	PROGRAM: BIOCHEMIE	89
N.9.23.1	Kurrikulum N913P: Biochemie.....	89
N.9.24	PROGRAM: NATUURWETENSKAPONDERWYS	89
N.9.24.1	Kurrikulum N921P: Natuurwetenskaponderwys	89
N.9.25	EKSAMINERING	89
N.9.26	SLAAGVEREISTES	89
N.10	MODULELYS	90
N.11	MODULE-UITKOMSTE	101
N.11.1	HONNEURS	101
N.11.2	MAGISTER	165
N.11.3	PHILOSOPHIA DOCTOR	194

Saamgestel deur Me H Swart
 Administratiewe Bestuurder van die Fakulteit Natuurwetenskappe: Junie 2015

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

AMPSDRAERS

Dekaan

Prof JJ Pienaar, HOD, DSc (PU vir CHO)

SKOOLDIREKTEURE

Skool vir Biologiese Wetenskappe

Prof V Wepener, PhD (RAU)

Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe

Prof CA Strydom, Pr Sci Nat, PhD (UP)

Skool vir Geo- en Ruimtelike Wetenskappe

Prof S J Piketh, PhD (Universiteit van Witwatersrand, Johannesburg)

Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe

Prof GJ Groenewald, Hons BSc (UWK), MSc (Univ van Illinois te Urbana-Champaign), MSc (UK), PhD (Vrije Univ te Amsterdam)

NAVORSINGSDIREKTEURE en SENTRUMDIREKTEURE

Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika

Prof HM Huisman, BSc (PU vir CHO), Hons BSc (PU vir CHO), MSc (PU vir CHO), PhD (PU vir CHO)

Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur

Prof N Smit, PhD (UOVS)

Fokusarea vir Chemiese Hulpbronveredeling

Prof HCM Vosloo, Hons BSc (UOVS), PhD (PU vir CHO), HOD (UOVS)

Fokusarea vir Menslike Metabolomika

Prof DT Loots, PhD (NWU)

Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika

Prof PJ de Jongh, BCom (US), MSc (UNISA), PhD (UCT)

Sentrum vir Menslike Metabolomika

Prof BC Vorster, MMed (Chem Paths), (UP)

Sentrum vir Omgewingsbestuur

Prof JG Nel, BA (Ed), HonsBA (UPE), MA (UPE)

Sentrum vir Ruimtenavorsing (Sentrum van Uitnemendheid)

Prof SES Ferreira, PhD (PU vir CHO)

Sentrum vir Waterwetenskappe en -bestuur

Prof I Dennis, PhD (UVS)

ADMINISTRATIEWE BESTUURDER: Me H Swart, BBibl, (UNISA)

VAKGROEPVOORSITTERS

Biochemie

Prof AA van Dijk, DSc Biochemie (NWU)

Chemie

Dr CGCE van Sittert, MSc (PU vir CHO), PhD Chemie (PU vir CHO), DTO (PU vir CHO), MSc Computational Chemistry (Cardiff University, UK)

Dierkunde

Prof J van den Berg, PhD (UOVS)

Fisika

Prof C Venter BSc (PU vir CHO), MSc (NWU), PhD (NWU)

Geografie en Omgewingsbestuur

Prof LA Sandham, BSc Ed (RAU), PhD (RAU)

Geologie en Grondkunde

Prof MS Coetzee, Pr Sci Nat, PhD (UOVS)

Landbou Ekonomie

Dr PC Cloete, PhD (UOVS)

Mikrobiologie

Dr S Claassens, PhD (NWU)

Plantkunde

Dr S Janse van Vuuren, PhD (PU vir CHO)

Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels

Dr E Taylor, PhD (NWU), HOD(N) (PU vir CHO)

Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika: Professionele Programme

Me J Larney, BSc Aktuariële Wetenskap (US). Nagraadse Diploma Aktuariële Wetenskap. (UCT), FASSA, FIA, CERA

Stads- en Streekbeplanning

Dr JE Drewes, Pr Pln (A/817/1995), PhD (Stads- en Streekbeplanning) [PU vir CHO]

Statistiek en Operasionele Navorsing

Dr L Santana, PhD (NWU)

Wiskunde en Toegepaste Wiskunde

Dr EHA Venter, MSc (UP), PhD (PU vir CHO)

FAKULTEITSRAAD

Die Fakulteitsraad is saamgestel uit die volgende lede:

- Die Dekaan
- Skool-/Sentrum-/Navorsingsdirekteure
- Vol-Professore
- Vakgroepvoorsitters
- Een studentevteenwoordiger uit elke Skool
- Twee verteenwoordigers uit aangewese groepe in elke Skool
- Een verteenwoordiger uit die Fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Opvoedingswetenskappe, Ingenieurswese, Gesondheidswetenskappe
- Administratiewe Bestuurder

N.1 REËLS: FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

N.1.1 INLEIDING

N.1.1.1 Gesag van die Algemene Akademiese Reëls (A-Reëls)

N.1.1.1.1 Die Fakulteitsreëls, wat vir die verskillende programme van hierdie Fakulteit geld en in hierdie Fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Akademiese Reëls saamgelees word.

Die Algemene Akademiese Reëls verskyn op die Universiteit se Tuisblad by:

http://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/7P-Arules2015_a.pdf

N.1.2 SKOLE, SENTRA EN NAVORSINGSSENTITEITE IN DIE FAKULTEIT

Die Fakulteit Natuurwetenskappe het vier skole en 'n sentrum wat elkeen saamgestel is uit verskillende vakgroepe. Aan die hoof van elke skool/sentrum staan 'n direkteur en hy/sy word uit elke vakgroep bygestaan deur 'n vakvoorsitter. Die skole/sentrum is veral verantwoordelik vir onderrig van voorgraadse, honneurs- en gedoseerde Magisterprogramme. Dié skole/sentrum en die vakgroepe waaruit elke skool/sentrum saamgestel is, word in die tabel weergegee:

Skool / Sentrum	Vakgroep
Biologiese Wetenskappe	Dierkunde Landbou Ekonomie Mikrobiologie Plantkunde
Fisiese- en Chemiese Wetenskappe	Biochemie Chemie Fisika
Geo- en Ruimtelike Wetenskappe	Geografie en Omgewingsbestuur Geologie en Grondkunde Stads- en Streekbeplanning
Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe	Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels Statistiek en Operasionele Navorsing Wiskunde en Toegepaste Wiskunde
Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika	Aktuariële Wetenskap Data-ontginning (Hons BSc); Bedryfsanalise (MSc) Finansiële Wiskunde Kwantitatiewe Risikobestuur Risiko-analise

Navorsing word in die Fakulteit bestuur in navorsingsentiteite. Die navorsingsentiteite is verder verantwoordelik vir die Magister- en PhD-opleidingsprogramme; dit wil sê programme wat 'n beduidende navorsingskomponent bevat.

Die Fakulteit het die volgende Navorsingsentiteite en Sentrums:

- a) Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika
- b) Eenheid vir Omgewingswetenskappe en –bestuur
- c) Navorsingsfokusarea vir Chemiese Hulpbronveredeling
- d) Fokusarea vir Menslike Metabolomika
- e) Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika
- f) Sentrum vir Menslike Metabolomika
- g) Sentrum vir Omgewingsbestuur (CEM)
- h) Sentrum van Uitmendheid vir Ruimtenavorsing
- i) Sentrum vir Waterwetenskappe en -bestuur

N.1.3 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

In die Fakulteit Natuurwetenskappe kan verskillende nagraadse kwalifikasies (grade) verwerf word. 'n Bepaalde kwalifikasie kan in een of meer verskillende programme (die term program dui 'n bepaalde studieprogram aan) verwerf word en in elke program is daar weer een of meer kurrikulums beskikbaar.

NB: Lesings vir gedoseerde honneurs- en magistermodules word in die Fakulteit Natuurwetenskappe, op een uitsondering na, slegs voltyds aangebied. Die enigste uitsondering is die gedoseerde modules van die kurrikulum N824P vir die graad Magister in Omgewingsbestuur. Lesings vir hierdie modules word slegs na-uurs aangebied.

N.1.3.1 Grade

Die Universiteit is bevoeg om in die Fakulteit Natuurwetenskappe die nagraadse grade in die tabel hieronder toe te ken. Dié grade word nie noodwendig in alle vakke en ook nie noodwendig in alle vakke voltyds en/of deelyds aangebied nie:

Kwalifikasie en afkorting	Program / Kurrikulum(s)	Kwalifikasie-/ Kurrikulumkodes
Honneurs Baccalaureus Scientiae; Hons BSc	Program: Biochemie	202156
	Biochemie	N650P
Honneurs Baccalaureus Scientiae; Hons BSc	Program: Chemie	202117
	Chemie	N651P
Honneurs Baccalaureus Scientiae; Hons BSc	Program: Fisika	202121
	Fisika	N652P
Honneurs Baccalaureus Scientiae; Hons BSc	Program: Rekenaarwetenskap- en Inligtingstelsels	202134
	Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels	N653P

Kwalifikasie en afkorting	Program / Kurrikulum(s)	Kwalifikasie/ Kurrikulum- kodes
Honneurs Baccalaureus Scientiae; Hons BSc	Program: Statistiek	202135
	Statistiek	N654P
Honneurs Baccalaureus Scientiae; Hons BSc	Program: Toegepaste Wiskunde	202136
	Toegepaste Wiskunde	N601P
Honneurs Baccalaureus Scientiae; Hons BSc	Program: Wiskunde	202137
	Wiskunde	N601P
Honneurs Baccalaureus Scientiae; Hons BSc	Program: Aktuariële Wetenskap	202126
	Aktuariële wetenskap (na BSc N137P)	N609P
Honneurs Baccalaureus Scientiae; Hons BSc	Program: Kwantitatiewe Risikobestuur	202127
	Kwantitatiewe Risikobestuur (Na BSc N134P of N137P)	N610P
Honneurs Baccalaureus Scientiae; Hons BSc	Program: Finansiële Wiskunde	202128
	Finansiële Wiskunde (Na BSc N135P)	N611P
Honneurs Baccalaureus Scientiae; Hons BSc	Program: Data-ontginning	202129
	Data-ontginning (Na BSc N134P of N136P)	N612P
Honneurs Baccalaureus Scientiae; Hons BSc	Program: Omgewingswetenskappe	202124
	Geografie en Omgewingsbestuur	N648P
	Ekologiese remediëring en volhoubare bestuur	N641P
	Biodiversiteit en bewaringsekologie	N642P
	Akwatiese ekosisteemwelstand	N643P
	Plantbeskerming	N644P
	Omgewingsgeologie	N646P
	Hidrologie	N647P
	Afvalbestuur	N649P
Honneurs Baccalaureus Commerci; Hons BCom	Program: Rekenaarwetenskap-Inligtingstelsels	504143
	Rekenaarwetenskap-Inligtingstelsels	N658P

Kwalifikasie en afkorting	Program / Kurrikulum(s)	Kwalifikasie/ Kurrikulum- kodes
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Rekenaarwetenskap	203155
	Rekenaarwetenskap	N861P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Statistiek	203156
	Statistiek	N862P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Toegepaste Wiskunde	203157
	Toegepaste Wiskunde	N863P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Wiskunde	203158
	Wiskunde	N864P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Bedryfswiskunde en Informatika(Kwantitatiewe Risikobestuur)	203181
	Kwantitatiewe Risikobestuur (Na Hons BSc N609P of N610P)	N809P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Bedryfswiskunde en Informatika (Finansiële Wiskunde)	203182
	Finansiële Wiskunde (Na Hons BSc N611P)	N810P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Bedryfswiskunde en Informatika (Bedryfsanalise)	203183
	Bedryfsanalise (Na Hons BSc N612P)	N811P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Risiko-analise	203127
	Risiko-analise	N865P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Ruimtefisika	203128
	Fisika	N866P
	Astrofisika en Ruimtewetenskap	N867P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Chemie	203123
	Chemie	N868P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Biochemie	203132
	Biochemie	N869P

Kwalifikasie en afkorting	Program / Kurrikulum(s)	Kwalifikasie/ Kurrikulum- kodes
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Omgewingswetenskappe	203194
	Omgewingswetenskappe	N830P
	Chemie	N831P
	Hidrologie and Geohidrologie	N832P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Dierkunde	203190
	Dierkunde	N826P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Geografie en Omgewingsbestuur	203193
	Geografie en Omgewingsbestuur	N829P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Mikrobiologie	203191
	Mikrobiologie	N827P
Magister Scientiae; MSc (na Hons BSc)	Program: Plantkunde	203192
	Plantkunde	N828P
Magister Scientiae; MSc	Program: Natuurwetenskaponderwys	203134
	Natuurwetenskaponderwys	N860P
Magister in Omgewings- bestuur (na 'n honneurs- graad)	Program: Omgewingsbestuur	218106
	Omgewingbestuur	N824P
Magister Commercii; MCom (na Hons BCom)	Program: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels	505138
	Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels	N870P
Magister Artium et Scientiae (Beplanning); MArt et Scien	Program: Stads- en Streekbeplanning	119102
	Stads- en Streekbeplanning	N825P
Magister Scientiae in Landbou	Program: Landbou in ekonomie	277103
	Landbou in ekonomie	N873P

Kwalifikasie en afkorting	Program / Kurrikulum(s)	Kwalifikasie/ Kurrikulum- kodes
Philosophiae Doctor; PhD	Program: Rekenaarwetenskap	204132
	Rekenaarwetenskap	N901P
Philosophiae Doctor; PhD	Program: Statistiek	204138
	Statistiek	N902P
Philosophiae Doctor; PhD	Program: Toegepaste Wiskunde	204139
	Toegepaste Wiskunde	N903P
Philosophiae Doctor; PhD	Program: Wiskunde	204140
	Wiskunde	N904P
Philosophiae Doctor; PhD	Program: Bedryfswiskunde en Informatika	204111
	Bedryfswiskunde en Informatika	N905P
Philosophiae Doctor; PhD	Program: Risiko-analise	204133
	Risiko-analise	N915P
Philosophiae Doctor; PhD	Program: Ruimtefisika	204112
	Fisika	N906P
Philosophiae Doctor; PhD	Program: Chemie	204120
	Chemie	N907P
Philosophiae Doctor; PhD	Program: Omgewingswetenskappe	204114
	Omgewingswetenskappe	N914P
	Chemie	N916P
	Hidrologie en Geohidrologie	N917P
Philosophiae Doctor; PhD	Program: Dierkunde	204136
	Dierkunde	N908P
Philosophiae Doctor; PhD	Program: Geografie en Omgewingsbestuur	204137
	Geografie en Omgewingsbestuur	N909P
Philosophiae Doctor; PhD	Program: Mikrobiologie	204135
	Mikrobiologie	N910P
Philosophiae Doctor; PhD	Program: Plantkunde	204134
	Plantkunde	N911P
Philosophiae Doctor; PhD	Stads- en Streekbeplanning	204115
	Stads- en Streekbeplanning	N912P
Philosophiae Doctor; PhD	Landbou, ekonomie	204128
	Landbou, ekonomie	N922P
Philosophiae Doctor; PhD	Biochemie	204116
	Biochemie	N913P
Philosophiae Doctor; PhD	Natuurwetenskaponderwys	204118
	Natuurwetenskaponderwys	N921P

N.1.4 MODULES EN KREDIETE

Vakke word aangebied volgens modules waaraan 'n bepaalde kredietwaarde toegeken is (Kyk Algemene Reël 3.1). **Elke module moet afsonderlik geslaag word.**

Modules het 'n kode en 'n beskrywende naam, byvoorbeeld FSKN611.

By sekere kwalifikasies en programme word 'n aantal moontlike kurrikulums, waaruit die student een moet kies, beskryf en word aangedui hoe die modules in elke kurrikulum oor die verskillende semesters van elke studiejaar versprei moet word. Die kurrikulums is saamgestel vir die minimum tydperk van een of twee jaar soos van toepassing vir die betrokke kwalifikasie. 'n Student kan aansoek doen om die modules van 'n kurrikulum ook oor 'n langer tydperk te versprei. Oorskryding van die maksimum studietydperk van 'n kurrikulum, omdat die student nie na wense gevorder het nie, sal slegs in uitsonderlike gevalle toegelaat word.

Die volgorde waarin modules in 'n kurrikulum geneem moet word, is nie willekeurig nie, maar ontwerp om te verseker dat volgende leer altyd op vorige leer voortbou.

N.1.4.1 Verhouding tussen kredietpunte en eksamenvraestelle

Die eksamenvraestel vir 'n 8- en 12-kredietpuntmodules duur gewoonlik twee uur en die eksamenvraestelle van modules wat 16, 24 of 32 kredietpunte tel, duur gewoonlik drie uur.

N.1.5 ERKENNING VAN VORIGE LEER

- a) Die NWU aanvaar die beginsel van uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel, en onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy in formele onderrigprogramme by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen, 'n onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.
- b) By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigprogramme, of deur ervaring. Ten alle tye sal die vraag wees watter vlak van vaardigheid, beoordeel in die konteks van die uitreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarbinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek gedemonstreer het, met inagneming van die uitree-uitkomste wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.
- c) Die NWU aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van kredietverlening aan voornemende of bestaande studente – hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.

- d) Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi, wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

N.1.6 TOELATING EN REGISTRASIE

Studente word nie outomaties na die verwerwing van 'n toepaslike vierjarige B-graad tot die Fakulteit se nagraadse programme toegelaat nie. Die toelating tot en registrasie vir nagraadse programme geskied in ooreenstemming met die Algemene Reël 3.2.

Voornemende nagraadse studente word baie sterk aangeraai om die Universiteit se *Handleiding vir Nagraadse Studie* vooraf noukeurig te bestudeer.

N.1.7 TAALMEDIUM

'n Funksionele taalbeleid word in alle nagraadse modules gevolg. Die onderrigtaal word deur die klasgroep in samewerking met die dosent bepaal. Alle toetse en vraestelle word in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel en dit staan studente vry om Afrikaans of Engels as kommunikasietaal te gebruik.

N.1.8 GOEDKEURING VAN STUDIEPROGRAMME

Die goedkeuring van studieprogramme vir M- en PhD-grade geskied in ooreenstemming met die Algemene Reël 4.2. en 5.2. **Voornemende nagraadse studente word sterk aangeraai om hierdie reëls vooraf noukeurig te bestudeer.**

N.1.9 EKSAMINERING EN SLAAGVEREISTES

Die toelating tot eksamens, die aantal eksamengeleenthede, slaagvereistes vir modules en kurrikulums, die herhaling van gedoseerde modules, die vereistes waaraan skripsies, verhandelinge en proefskrifte moet voldoen, word in die Algemene Reëls breedvoerig uiteengesit. **Voornemende nagraadse studente word sterk aangeraai om hierdie reëls vooraf noukeurig te bestudeer.** Die Universiteit se *Handleiding vir Nagraadse Studie* bevat in hierdie verband ook nuttige inligting.

Die Fakulteit Natuurwetenskappe het bepaal dat in alle Honneurskurrikulums en in die geval van M- en PhD-kurrikulums waarin daar gedoseerde modules voorkom, elke gedoseerde module afsonderlik geslaag moet word, alvorens die graad verwerf kan word.

N.1.9.1 Keerdatums

Studente moet hulle vooraf deeglik vergewis van die amptelike keerdatums vir die inhandiging van eksamenstukke, dit wil sê, skripsies, verhandelinge en proefskrifte. Hierdie datums word jaarliks vasgestel. 'n Student wat sy/haar eksamenstuk ná die voorgeskrewe keerdatum inhandig sal waarskynlik nie die graad by die eersvolgende gradeplegtigheid ontvang nie en sal dan tot 'n volgende gradeplegtigheid moet oorsaan. Die implikasie hiervan is dat die student dan vir 'n verdere jaar sal moet registreer en klasgeld betaal.

N.1.10 VORDERING IN 'N KURRIKULUM GEBASEER OP VERONDERSTELDE LEER

By die saamstel van elke kurrikulum is sorg gedra dat die veronderstelde leer, dit wil sê die voorkennis en algemene vlak van insig en ervaring, wat nodig is om die modules wat in 'n bepaalde semester van 'n kurrikulum voorgeskryf is, met gemak te kan volg, reeds in die voorafgaande semesters verwerf is. 'n Student wat een of meer modules in die voorafgaande semesters gesak het, sal dus waarskynlik nie voldoende toegerus wees om die modules van die volgende semester te neem nie. Sulke studente word DRINGEND aangeraai om VOORAF die direkteur van die betrokke skool te raadpleeg, om vas te stel watter modules van die betrokke semester hulle wel met 'n redelike verwagting op sukses sal kan loop.

N.1.11 BEËINDIGING VAN STUDIES

Studente wat in gebreke bly om geskeduleerde studieafsprake na te kom of wat nie bevredigend vorder nie, se studie kan in terme van die Algemene Reëls beëindig word.

N.1.12 PROFESSIONELE STATUS

Persone wat die volgende kwalifikasies aan 'n universiteit in die Republiek van Suid-Afrika verwerf het en oor die dienooreenkomstige jare ervaring beskik, kan as Professionele Natuurwetenskaplikes (Pr Sci Nat) by die Suid-Afrikaanse Raad vir Natuurwetenskaplike Professies registreer:

- a) 'n 4-jarige BSc of 'n BSc (Hons) plus drie jaar ervaring in 'n natuurwetenskaplike professie;
- b) 'n MSc plus twee jaar ervaring in 'n natuurwetenskaplike professie;
- c) 'n DSc of PhD plus een jaar ervaring in 'n natuurwetenskaplike professie.
- d) Om te kan registreer as 'n professionele mediese wetenskaplike in die registrasie kategorie Onafhanklike Praktijk in Suid Afrika, vereis die Gesondheidsraad vir Professioneles in Suid-Afrika 'n minimum van 'n toepaslike BSc (honours) graad, sowel as 'n internskap by 'n geakkrediteerde instansie en 'n raad goedgekeurde beoordeling van bevoegdheid. Die internskap duur 24 maande en kan slegs in aanvang neem as die graad voltooi is. 'n Wetenskaplike wat 'n MSc of PhD graad behaal het kan aansoek doen vir 'n verkorte internskap. Die minimum vereiste in so 'n geval is 'n 6 maande internskap sowel as 'n beoordeling van bevoegdheid.
- e) Studente wat die BArt et Scien-graad verwerf het, kan aansoek doen vir lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Professionele Beplanningsliggaam.

N.2 REÛLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS SCIENTIAE

Die Honneursgraad volg op 'n baccalaureusgraad (kyk N.2.3). Die studie kan voltyds of deelyds gedoen word.

Voornemende studente moet, voor die keurdatum soos deur die toepaslike skooldirekteur bepaal, by die toepaslike skooldirekteur aansoek doen om keuring en formele toelating tot die beoogde program in die daaropvolgende jaar (Kyk Algemene Reël 3.2). Slegs studente wat, geoordeel aan hulle akademiese rekord en ander bewese tersaaklike vooraf leer, 'n realistiese kans op sukses het, sal tot 'n program toegelaat word. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem. Laat aansoeke sal slegs oorweeg kan word indien daar nog ruimte vir 'n bykomende student in die betrokke vakgroep beskikbaar is.

NB: Lesings vir honneursmodules word in die Fakulteit Natuurwetenskappe slegs voltyds aangebied.

N.2.1 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van studie is een jaar voltyds en twee jaar deelyds. Die maksimum duur is twee jaar voltyds en drie jaar deelyds.

N.2.2 TOELATING EN REGISTRASIE

Die studie kan onderneem word in 'n studieprogram wat deur die Fakulteitsraad goedgekeur is. Hierdie studieprogramme word in N.2.5 uiteengesit. Benewens die bepalings van die Algemene Reël 3.2, moet bykomend voldoen word aan die spesifieke vereistes wat by die betrokke kurrikulums in N.2.7 gestel word.

Indien meer aansoeke vir 'n program ontvang word as wat die betrokke vakgroep in 'n skool kan hanteer, word die groep studente wat volgens die oordeel van die skooldirekteur die grootste kans op sukses het, vir die betrokke program gekeur. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem.

N.2.3 AANNAMES OOR VORIGE LEER

- a) Die student beskik oor 'n gepaste baccalaureusgraad, waarin minstens 60 module-krediete op NKR-Vlak 7 in die kernvak van die betrokke honneursprogram waarvoor die student wil inskryf, aangebied is.
- b) Indien die student nie aan die bepaling van a) voldoen nie bepaal die skooldirekteur, indien nodig na oorlegpleging met die dekaan, en met kennisgewing aan die fakulteitsraad, of die kandidaat op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkservaring wat tot leer gelei het, tot die Hons BSc-studie toegelaat kan word.
- c) Vir toelating tot die kurrikulums N610P – N612P in die program Bedryfswiskunde en Informatika word bo-en-behalwe vir die aannames oor vorige leer soos in a) en b) vermeld, ook nog vereis dat 'n student die BSc-kwalifikasie in Bedryfswiskunde en Informatika of die BCom-kwalifikasie in Kwantitatiewe Risikobestuur verwerf het, en wel onderhewig aan die volgende spesifieke voorvereistes:

Honneurskurrikulum	Voorgraadse kurrikulum
N610P	N134P of N137P
N611P	N135P
N612P	N134P of N136P

- d) 'n Minimum voorvereiste vir registrasie vir die nagraadse BWI-kurrikulums N610P, N611P en N612P is dat studente 'n gemiddelde modulepunt van minstens 60% vir die kernmodules in die derdejaar van die betrokke voorgraadse kurrikulum behaal het. Uitsonderings op hierdie reël sal op individuele meriete oorweeg word en moet deur die Direkteur van die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika goedgekeur word. Neem kennis dat die BWI keuringskomitee die laaste sê het met die toelating van studente in al die BWI en aktuariële honneurs programme.
- e) Studente in Aktuariële Wetenskap wat die kurrikulum N137P geslaag het en vrystellingaanbevelings in ten minste 5 van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika se A1 en A2 vlak-vakke (of ekwivalente Institute and Faculty of Actuaries se CT-vakke), kan tot kurrikulum N609P toegelaat word.
- f) Voornemende studente in Aktuariële Wetenskap moet hulle vergewis van die voorskrifte wat vir studie in Aktuariële Wetenskap geld en wat by die Direkteur van die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika beskikbaar is.

N.2.4 VERWERWING VAN DIE GRAAD

N.2.4.1 Kwalifikasie met onderskeiding

Met verwysing na Algemene Reël 3.5.2 verwerf 'n student 'n honneursgraad met onderskeiding, indien die graad binne die minimum tydperk voltooi is en 'n geweegee gemiddeld van minstens 75% in al die modules verwerf is.

N.2.5 STUDIEPROGRAMME

Behoudens uitsonderings wat die dekaan mag goedkeur, kan die honneursgraad in die volgende moontlike studieprogramme verwerf word: Chemie, Biochemie en Fisika (Skool vir Fisiese- en Chemiese Wetenskappe), Rekenaar- Statistiese en Wiskundige Wetenskappe (Skool vir Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe), Bedryfswiskunde en Informatika (Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika), Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling (Skool vir Biologiese Wetenskappe en Skool vir Geo- en Ruimtelike Wetenskappe).

N.2.6 UITTREEVLAKUITKOMSTE

Die uitkomste soos beskryf by die eerste Baccalaureus Scientiae-graad word steeds by hierdie Honneurs Baccalaureus Scientiae-graad nagestreef, met toespitsing op 'n besondere dissipline of enkele dissiplines uit die natuurwetenskappe. Aan die einde van hierdie honneursstudie sal die kennis, vaardighede, waardes en houdings waaroor die student reeds beskik, verder afgerond wees, met meer klem op gepaardgaande navorsingsvaardighede.

N.2.6.1 Natuurwetenskaplike (insluitend wiskundige en rekenaarkundige) en tegnologiese probleemoplossing

Aan die einde van die studie is die student in staat om sekere konvergente en divergente probleme in die betrokke dissipline uit die natuurwetenskaplike, gesondheidswetenskaplike en tegnologiese veld te identifiseer, te evalueer, en kreatief en innoverend op te los.

N.2.6.2 Toepassing van fundamentele en spesialis-kennis

Aan die einde van die studie is die student in staat om basiese kennis en tegnieke van die natuurwetenskap en die inligtingstegnologie te integreer om menslike verskynsels en verskynsels in die natuur te kan ondersoek en gepaardgaande probleme te kan oplos. Dit sluit die volgende in:

- a) Pas natuurwetenskaplike kennis en metodes (met toespitsing op dié van die besondere dissipline) toe op probleme deur toepaslike aanwending van formele analise en modellering van menslike aktiwiteite en natuurverskynsels, -stelsels en -probleme;
 - kommunisering van teorieë, konsepte en idees;
 - beredenering en konseptualisering van menslike aktiwiteite en natuurverskynsels, -stelsels en -probleme;
 - hantering van onsekerhede en risiko's deur gebruik van statistiese beginsels en metodes;
 - rekenaarvaardigheid en inligtingstegnologie.
- b) Gebruik die beginsels, wette en tegnieke van die natuurwetenskap (met toespitsing op dié van die besondere dissipline) op fundamentele vlak om oop bedryfs- en samelewingsprobleme te identifiseer en op te los;
 - toepassings te identifiseer en aan te wend;
 - oor dissiplinegrense heen met gemeenskaplike fundamentele kundigheid te werk.

N.2.6.3 Ondersoeke, eksperimentering en data-analise

Aan die einde van die studie is die student in staat om:

- a) ondersoeke en eksperimente te beplan en uit te voer deur gebruikmaking van wetenskaplike modelleringstegnieke;
- b) inligting vanuit data te analiseer, te interpreteer en af te lei.

Die student sal beskik oor beperkte kennis van die fundamentele navorsings-metodologie van die besondere dissipline.

N.2.6.4 Wetenskaplike metodes, vaardighede en inligtingstegnologie

Aan die einde van die studie is die student in staat om:

- a) toepaslike wetenskaplike metodes aan te wend en die resultate wat dit lewer, te evalueer;

- b) rekenaarpakkette vir berekenings, modellering, simulاسie en hantering van inligting te gebruik, wat insluit:
 - evaluering van die toepaslikheid en beperkings van die pakket
 - korrekte toepassing en werking van die pakket
 - kritiese evaluering van die eindproduk deur die pakket gelewer;
- c) rekenaars, netwerke en inligtingsinfrastrukture te gebruik vir evaluering, prosessering, bestuur en berging van inligting om persoonlike produktiwiteit en spanwerk te verbeter;
- d) basiese tegnieke en kennis van besigheidsbestuur en gesondheids- en veiligheids- en omgewingsbewaring aan te wend op bedryfspraktyk.

N.2.6.5 Professionele en algemene kommunikasie

Aan die einde van die studie is die student in staat om:

- a) sowel mondeling as skriftelik, effektief met wetenskaplikes (met toespitsing op dié van die besondere dissipline) en die gemeenskap te kommunikeer, deur gebruikmaking van die gepaste struktuur, styl en grafiese en elektroniese ondersteuning;
- b) metodes van inligtingverskaffing vir gebruik deur ander in veral die wêreld van die natuurwetenskappe en ekonomiese wetenskappe (met toespitsing op dié van die besondere dissipline) toe te pas.

N.2.6.6 Impak van natuurwetenskaplike aktiwiteit op die gemeenskap en die omgewing

Die student is krities bewus van

- a) die impak van natuurwetenskaplike aktiwiteit (veral dié van die besondere dissipline) op die gemeenskap en die omgewing;
- b) die noodsaaklikheid om by natuurwetenskaplike aktiwiteite
 - die impak van tegnologie op die gemeenskap, en
 - die persoonlike, sosiale, en kulturele waardes en verwagtinge van diegene wat deur wetenskaplike aktiwiteite geraak word, in ag te neem.

N.2.6.7 Span- en multidissiplinêre werk

Aan die einde van die studie is die student in staat om effektief as individu, in spanne en in multidissiplinêre omgewings te werk en leiers- en ander kritiese funksies te verrig.

N.2.6.8 Lewenslange leer

Die student verstaan die noodsaaklikheid om voortgesette bekwaamheid te verseker en om aan die voerpunt van die jongste tegnologie en tegnieke te bly, en is in staat om in lewenslange leer deur goed ontwikkelde leervaardighede betrokke te bly.

N.2.6.9 **Professionele etiek en praktyk**

Die student is krities bewus van die noodsaaklikheid om professioneel en eties op te tree en om verantwoordelikheid binne eie beperkings en vaardighede te aanvaar, en is in staat om oordele te vel in verhouding tot kennis en ervaring.

N.2.7 **ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE**

- a) Na die suksesvolle voltooiing van die Hons BSc program kan die student toegelaat word tot verdere leer vir die MSc -graad in 'n toepaslike en goedgekeurde rigting. Programspesifieke artikulasiemoontlikhede, indien enige, sal by die betrokke kurrikulums vermeld word.
- b) Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie program as geheel nagekom word.
- c) Met die basiese en toepasbare vaardighede wat die student met hierdie kwalifikasie in die verskillende dissiplines waarvoor dit verwerf kan word, opgedoen het, sal die student toegerus wees om met verdere leer voort te gaan in verskeie spesialisasiegebiede aan ander inrigtings.

N.2.8 **PROGRAM: BIOCHEMIE**

SKOOL: SKOOL VIR FISIESE- EN CHEMIESE WETENSAPPE

Kwalifikasiekode: 202156

N.2.8.1 **Kurrikulum N650P: Biochemie**

Hierdie kurrikulum is ontwerp met die oog op die opleiding van Biochemici as natuurwetenskaplikes.

Hierdie kurrikulum is saamgestel uit die volgende modules:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Eerste Semester		
BCHN611	Analitiese Biochemie	24
BCHN612	Gevorderde Metabolisme	24
Tweede Semester		
BCHN621	Gevorderde Molekulêre Biologie	24
BCHN622	Biomolekulêre Interaksies	24
BCHN671	Projek	32
Totale aantal kredietpunte		128

N.2.9**PROGRAM: CHEMIE****SKOOL: SKOOL VIR FISIESE- EN CHEMIESE WETENSAPPE****Kwalifikasiekode: 202117****N.2.9.1****Kurrikulum N651P: Chemie**

Hierdie kurrikulum is saamgestel uit die volgende modules:

Module-kode	Beskrywende naam	Krediete
Eerste Semester		
CHEN611	Gevorderde organiese chemie	16
CHEN612	Gevorderde fisiese chemie	16
CHEN613	Gevorderde anorganiese chemie	16
CHEN614	Molekuulmodellering	8
CHEN671	Projek	48
Tweede Semester		
Kies in oorleg met die programkoördineerder DRIE van die volgende keusemodules:		
CHEN621	Homogene katalise	8
CHEN622	Steenkoolchemie	8
CHEN623	Membraanwetenskap -en tegnologie	8
CHEM621	Polimeerchemie	8
CHEM622	Gevorderde struktuuropklaring	8
CHEM623	Omgewingschemie	8
CHEM624	Tegniese vir organiese sintese	8
CHEM626	Elektrochemie	8
Totale aantal kredietpunte		128

N.2.10 PROGRAM: FISIKA**SKOOL: SKOOL VIR FISIESE- EN CHEMIESE WETENSAPPE****Kwalifikasiekode: 202121****N.2.10.1 Kurrikulum N652P: Fisika**

Lesings vir die gedoseerde modules van hierdie graad word hoofsaaklik in **Engels** aangebied.

Hierdie kurrikulum is saamgestel uit die volgende modules:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Eerste Semester		
FSKH611	Klassieke Meganika	16
FSKH612	Kwantum Meganika I	16
FSKH613	Elektrodinamika	16
FSKH614	Plasmafisika	16
FSKH671	Projek I	8
Tweede Semester		
FSKH621	Kwantum Meganika II	16
FSKH622	Statistiese Meganika	16
FSKH623	Rekenaarfisika (Navorsing)	16
FSKH672	Projek II	8
Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Eerste Semester		
WISN872	Verhandeling	100
RSWW811	Navorsingsmetodologie	8
Kies in ooreg met die navorsingsdirekteur en die skooldirekteur TWEE van die volgende modules:		
WISN874**	Operatorteorie	32
WISN875**	Funksionaalanalise	32
WISN876**	Riesruimte teorie	32
WISN877**	Topologie vektorruimtes	32
WISN878**	Gevorderde lineêre algebra	32
WISN881	Abstrakte Analise 1	32
WISN882	Abstrakte Analise 2	32
WISN883	Algebra I	32
WISN884	Algebra II	32
WISN885	Diskrete Strukture 1	32
WISN886	Diskrete Strukture 2	32
WISN887	Beginsels en Paradigmas: Suiwer Wiskunde	32
Tweede Semester		
WISN872	Verhandeling (vervolg)	
RSWW821	Navorsingskommunikasie	8
	Totale aantal kredietpunte	180

**Fasseer uit vanaf Jan 2016 tot einde Des 2016. Pyplynstudente sal op 'n ad-hoc basis geakkommodeer word.

N.4.14

PROGRAM: KWANTITATIEWE RISIKOBESTUUR

SENTRUM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

Kwalifikasiekode: 203181

Hierdie program vereis 'n Industrie-gerigte Navorsingsprojek wat in alle opsigte aan die vereistes van 'n skripsie moet voldoen.

N.4.14.1

Kurrikulum N809P: BWI (Kwantitatiewe Risikobestuur- Na Hons BSc N609P of N610P)

Neem asseblief kennis dat al BWI se nagraadse programme in **Engels** aangebied word. Hierdie kurrikulum bestaan uit die volgende modules wat oor twee semesters versprei is:

Module-kode	Beskrywende naam	Krediete
Eerste Semester		
BWIA812	Ondernemingswye Risikobestuur I	24
BWIN815	Bedryfsintegrasieprojek	32
	Keusemodule [#]	16
	Keusemodule [#]	16
Tweede Semester		
BWIR826	Industrie-gerigte Navorsingsprojek	80
	Keusemodule [#]	12
Totale aantal kredietpunte van hierdie kurrikulum		180

[#] Die keusemodule in die **eerste semester** mag uit die modules in tabel hieronder gekies word:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BWIN811	Praktiese Risiko-analise SAS RD	16
BWIN816	Moderne Portefeuljeteorie	16
BWIN817	Kleinhandel Kredietrisiko	16

[#] Die keusemodule in die **tweede semester** mag uit die modules in tabel hieronder gekies word:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BWIA821	Ondernemingswye Risikobestuur II	12
BWIB821	Data-ontginningstegniese	12

Die geïntegreerde assessering vir hierdie kurrikulum vind plaas tydens die assessering van die module BWIR826.

Neem asseblief kennis dat alle projekte in die BWI Industrie-gerigte navorsingsprojekte (BWIR826), voltooi moet wees voor die einde van die akademiese jaar. Studente wat nie hieraan voldoen nie, druipl hul graad.

N.4.15**PROGRAM: FINANSIËLE WISKUNDE****SENTRUM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA**

Kwalifikasiekode: 203182

N.4.15.1**Kurrikulum N810P: BWI (Finansiële Wiskunde - Na Hons BSc N611P)**

Neem asseblief kennis dat al BWI se nagraadse programme in **Engels** aangebied word.

Hierdie kurrikulum bestaan uit die volgende modules wat oor twee semesters versprei is:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Eerste Semester		
BWIN812	Prysing van Afgeleides B	24
BWIN815	Bedryfsintegrasieprojek	32
	Keusemodule [#]	16
	Keusemodule [#]	16
Tweede Semester		
BWIB821	Data-ontginningstegnieke	12
BWIR826	Industrie-gerigte Navorsingsprojek	80
Totale aantal kredietpunte van hierdie kurrikulum		180

[#] Die keusemodule in die **eerste semester** mag uit die modules in tabel hieronder gekies word:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BWIN811	Praktiese Risiko-analise SAS RD	16
BWIN816	Moderne Portefeuljeteorie	16
BWIN817	Kleinhandel Kredietrisiko	16

Die geïntegreerde assessering vir hierdie kurrikulum vind plaas tydens die assessering van die module BWIR826.

Neem kennis dat alle projekte in die BWI Industrie-gerigte navorsingsprojekte (BWIR826), voltooi moet wees voor die einde van die akademiese jaar. Studente wat nie hieraan voldoen nie, druij hul graad.

N.4.16 PROGRAM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

(Met spesialisering in Bedryfsanalise)

SENTRUM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

Kwalifikasiekode: 203183

N.4.16.1 Kurrikulum N811P: BWI Bedryfsanalise (Na Hons BSc N612P)

Neem asseblief kennis dat al BWI se nagraadse programme in **Engels** aangebied word.

Hierdie kurrikulum bestaan uit die volgende modules wat oor twee semesters versprei is:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Eerste Semester		
BWIB818	Bedryfsintelligensie	16
BWIN817	Kleinhandel Kredietrisiko	16
BWIN815	Bedryfsintegrasieprojek	32
Tweede Semester		
BWIB821	Data-ontginningstegnieke	12
BWIB822	Aktuele Vraagstukke in Bedryfsanalise	12
BWIB823	Multi-kriteria Besluitneming	12
BWIR826	Industrie-gerigte Navorsingsprojek	80
Totale aantal kredietpunte van hierdie kurrikulum		180

Die geïntegreerde assessering vir hierdie kurrikulum vind plaas tydens die assessering van die module BWIR826.

Neem kennis dat alle projekte in die BWI Industrie-gerigte navorsingsprojekte (BWIR826), voltooi moet wees voor die einde van die akademiese jaar. Studente wat nie hieraan voldoen nie, druiop hul graad.

N.4.17**PROGRAM: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA****NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA****Kwalifikasiekode: 203127****N.4.17.1****Kurrikulum N865P in Risiko-analise**

Neem asseblief kennis dat al BWI se nagraadse programme in **Engels** aangebied word.

Die kurrikulum bestaan uit 'n verhandeling en 'n vraestel oor onderwerpe wat ondersteunend is vir die navorsing wat gedoen word vir die verhandeling. Die studieleier saam met die navorsingsdirekteur en skooldirekteur/sentrumdirekteur, besluit op die gepaste onderwerpe.

Modulekode	Beskrywende Naam	Krediete
Eerste Semester		
BWIN872	Verhandeling	132
RSWW811	Navorsingsmetodologie	8
Kies in oorleg met die navorsingsdirekteur en direkteur van die Sentrum vir BWI EEN van die volgende modules:		
BWIN611	Kwantitatiewe Risiko-analise I	16
BWIN613	Finansiële Ingenieurswese I	16
BWIN615	Finansiële Modelling I	16
BWIN811	Praktiese Risiko-analise SAS	16
BWIN812	Prying van Afgeleides B	24
BWIN813	Praktiese Data-ontginning	16
BWIN816	Moderne Portefeuljeteorie	16
BWIN817	Kleinhandel kredietrisiko	16
BWIN818	Voorpunt Risikovraagstukke	16
BWIA811	Ondernemingswye Risikobestuur I	16
Tweede Semester		
BWIN872	Verhandeling (vervolg)	
RSWW821	Navorsingskommunikasie	8
Kies in oorleg met die navorsingsdirekteur en direkteur van die Sentrum vir BWI EEN van die volgende modules:		
BWIN621	Kwantitatiewe Risiko-analise II	16
BWIN622	Prying van Afgeleides A	16
BWIN623	Finansiële Ingenieurswese II	16
BWIN625	Finansiële Modelling II	16
BWIA821	Ondernemingswye Risikobestuur II	12
	Totale aantal kredietpunte	180

N.4.18**PROGRAM: RUIMTEFISIKA
SENTRUM: RUIMTENAVORSING****Kwalifikasiekode: 203128**

Al die modules in die kurrikulum wat hieronder beskryf word, word nie noodwendig elke jaar aangebied nie. Die skooldirekteur, in oorleg met die navorsingsdirekteur, bepaal jaarliks watter van die modules in elke semester van die M-studie geneem kan word.

Die Capita Selecta module kan een van die ander modules vervang en die inhoud daarvan moet in oorleg met die skooldirekteur en die navorsingsdirekteur gekies word.

Lesings vir die gedoseerde modules van hierdie graad word hoofsaaklik in **Engels** aangebied.

N.4.18.1**Kurrikulum N866P: Fisika**

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Eerste Semester		
FSKS872	Verhandeling	132
Student kies in oorleg met navorsingsdirekteur TWEË van die volgende modules:		
FSKM811	Astrofisika I	16
FSKM812	Transportteorie	16
FSKM813	Astrofisika II	16
FSKM814	Heliosferiese Fisika	16
FSKM815	Capita Selecta I*	16
Tweede Semester		
FSKS872	Verhandeling (vervolg)	
FSKM821	Algemene Relatiwiteit	16
Totale aantal kredietpunte		180

* Kies in oorleg met die skooldirekteur **een** van die volgende: Ruimtefisika of Kernfisika of Vastetoestandfisika.

N.4.18.2**Kurrikulum N867P: Astrofisika en Ruimtetwetenskap**

Hierdie kurrikulum word gevolg deur studente in die National Astrophysics and Space Science Programme (NASSP). Dit is saamgestel uit FSKS872 en gedoseerde modules. Die gedoseerde modules wat 60 kredietpunte verteenwoordig, word deur die NASSP-konsortium aangebied en geëksamineer en word gekies uit die 12- en 24-kredietpunt modules in die lys hieronder. **Studente word slegs toegelaat om met die verhandeling te begin nadat AL die gedoseerde modules geslaag is.**

Lesings vir die gedoseerde modules van hierdie graad word slegs in **Engels** aangebied.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Student kies in oorleg met navorsingsdirekteur 60 krediete van die volgende modules:		
FSKB874	Plasmafisika	12
FSKB875	Magnetohidrodinamika	12
FSKB876	Aktuele onderwerpe in kosmologie	12
FSKB877	Kataklimiese veranderlikes	12
FSKB878	Ekstragalaktiese astronomie en galaktiese dinamika	12
FSKB879	Gevorderde algemene relatiwiteit	12
FSKB880	Hoë-energie astrofisika en pulsare	12
FSKB881	Algemene astrofisika	24
FSKB882	Sterstruktuur en -evolusie	12
FSKB883	Waarnemingstegnieke	12
FSKB884	Ruimtetegnologie	24
FSKB885	Geomagnetisme en aeronomie	12
FSKB886	Berekeningsastrofisika	12
Keusemodules		60
Verpligtend		
FKSS872	Verhandeling	132
Totale aantal krediete		192

N.4.19 PROGRAM: CHEMIE
FOKUSAREA: CHEMIESE HULPBRONVEREDELING

Kwalifikasiekode: 203123

Daar is vyf navorsingsrigtings in hierdie navorsingsentiteit en 'n navorsingsonderwerp vir 'n MSc-verhandeling moet dus uit een van hierdie navorsingsrigtings gekies word. Die navorsingsrigtings is:

- a) Chroomtegnologie
- b) Katalise en Sintese
- c) Membraantegnologie
- d) Elektrochemie vir Energie en Omgewing
- e) Steenkoolchemie

N.4.19.1 Kurrikulum N868P: Chemie

Hierdie kurrikulum is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
CHEN872	Verhandeling	132
CHEN874*	Gevorderde Chemie*	48
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

* Kies in oorleg met die navorsingdirekteur 'n onderwerp op die M-vlak uit die vak Chemie.

N.4.20 PROGRAM: BIOCHEMIE
SENTRUM: MENSLIKE METABOLOMIKA
Kwalifikasiekode: 203132

N.4.20.1 Kurrikulum N869P: Biochemie

Hierdie kurrikulum is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BCHN872	Verhandeling	135
BCHN877*	Gevorderde Biochemie*	45
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

* Voordrag en mondelinge eksaminering van die verhandeling en toepaslike studieveld.

N.4.21

PROGRAM: OMGEWINGSWETENSKAPPE

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSKAPPE EN -BESTUUR

Kwalifikasiekode: 203194

Hierdie kurrikulum kan slegs gevolg word indien die student reeds oor 'n toepaslike honneursgraad beskik.

Die onderwerp vir 'n MSc verhandeling moet in oorleg met die direkteure van die Skool en Navorsingseenheid, uit een van die volgende navorsingsrigtings gekies word:

- a) Omgewingsbestuur: omgewingsanalise, omgewingshidrologie, omgewings-invloedbepaling, omgewingseconomie, geografiese inligtingstelsels, geïntegreerde omgewingsbestuur, afstandswaarneming.
- b) Ekologiese remediëring en volhoubare benutting: Antropogeniese omgewingsimpakte, bioremediëring, volhoubare benutting omgewingsremediëring en -restorasie, ekofisiologie, ekotoksikologie, plant- en dierparasitisme, stedelike ekologie.
- c) Waterwetenskappe en -bestuur: Fikologie, industriële mikrobiologie en fermentasie-biotegnologie, watergesondheid, parasitologie en epidemiologie, waterbestuur en watersuiwering, waterbehandeling, akwatiese ekotoksikologie, akwatiese ekofisiologie, mikrobiële ekologie, biodiversiteit en limnologie.
- d) Biodiversiteit en Bewaringsbiologie: bedreigde spesies, bewaringsbestuur, biodiversiteitsstudies, biodiversiteitversamelings, biogeografie, demografie, ekologie, evolusie, filogenetika, gedragsekologie, genomiese analise, monitering en taksonomie.
- e) Plantbeskerming: plaagfenologie, skadesimptome, beginsels van geïntegreerde plaagbestuur, skadelikhedsvlakke, drempelwaardes, biodiversiteit, bevolkingekologie in landboustelsels, Insecta, Acari en Nematod.

N.4.21.1

Kurrikulum N830P: Omgewingswetenskappe (Voltyds en Deeltyds)

Hierdie kurrikulum is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
OMWN871	Verhandeling	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

NB: Vir verdere programme in die Navorsingseenheid Omgewingswetenskappe en -Bestuur word lesers verwys na N.1.3

N.4.21.2 Kurrikulum N831P: Chemie

Hierdie kurrikulum is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
CHEM871	Verhandeling	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

N.4.22 PROGRAM : OMGEWINGSWETENSKAPPE

SENTRUM: WATERWETENSKAPPE EN –BESTUUR

Kwalifikasiekode: 203194

N.4.22.1 Kurrikulum N832P: Hidrologie and Geohidrologie (Voltyds en Deeltyds)

Daar kan in hierdie program navorsing gedoen word oor enige aspek van Hidrologie or Geohidrologie, alhoewel die Skool die reg voorbehou om 'n student nie te aanvaar, as daar nie genoegsame spesifieke kundigheid onder personeel oor die spesifieke navorsingstema, in die Skool vir Geo- en Ruimtelike Wetenskappe is nie.

Hierdie kurrikulum is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
HDGH871	Verhandeling	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

N.4.23 PROGRAM: DIERKUNDE

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSKAPPE EN -BESTUUR

Kwalifikasiekode: 203190

In hierdie program kan navorsing gedoen word oor enige onderwerp uit die Dierkunde, alhoewel die Skool die reg voorbehou om 'n kandidaat nie te aanvaar nie in gevalle waar daar nie voldoende kapasiteit in die Skool vir Biologiese Wetenskappe bestaan nie.

N.4.23.1 Kurrikulum N826P: Dierkunde (Voltyds en Deeltyds)

Hierdie kurrikulum is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
DRKN871	Verhandeling	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

N.4.24 PROGRAM: GEOGRAFIE EN OMGEWINGSBESTUUR
NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN -BESTUUR
Kwalifikasiekode: 203193

Daar kan in hierdie program navorsing gedoen word oor enige aspek van Geografie en die bestuur van die omgewing, alhoewel die Skool die reg voorbehou om 'n student nie te aanvaar, as daar nie genoegsame spesifieke kundigheid onder personeel oor die spesifieke navorsingstema is nie. Spesialisvelde sluit in (maar is nie eksklusief nie):

- Ruimtelike studies
- Omgewingsinvloedanalise en alle aspekte daarvan
- Omgewingsbestuur en alle aspekte daarvan
- Fisiese en menslike Geografie

N.4.24.1 Kurrikulum N829P: Geografie en Omgewingsbestuur (Voltyds en Deeltyds)

Hierdie kurrikulum is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
GGFN871	Verhandeling	180
Kredietotaal vir die kurrikulum		180

N.4.25 PROGRAM: MIKROBIOLOGIE
NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN -BESTUUR
Kwalifikasiekode: 203191

In hierdie program kan navorsing gedoen word oor enige onderwerp uit Mikrobiologie, alhoewel die Skool die reg voorbehou om 'n kandidaat nie te aanvaar nie in gevalle waar daar nie voldoende kapasiteit in die Skool vir Biologiese Wetenskappe bestaan nie.

N.4.25.1 Kurrikulum N827P: Mikrobiologie (Voltyds en Deeltyds)

Hierdie kurrikulum is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MKBN871	Verhandeling	180
Kredietotaal vir die kurrikulum		180

N.4.26 PROGRAM: PLANTKUNDE

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSKAPPE EN -BESTUUR

Kwalifikasiekode: 203192

In hierdie program kan navorsing gedoen word oor enige onderwerp uit die Plantkunde, alhoewel die Skool die reg voorbehou om 'n kandidaat nie te aanvaar nie in gevalle waar daar nie voldoende kapasiteit in die Skool vir Biologiese Wetenskappe bestaan nie.

N.4.26.1 Kurrikulum N828P: Plantkunde (Voltyds en Deeltyds)

Hierdie kurrikulum is soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Kredietpunte
PLKN871	Verhandeling	180
	Krediet totaal vir die kurrikulum	180

N.4.27 PROGRAM: NATUURWETENSKAPONDERWYS

NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA

Kwalifikasiekode: 203134

N.4.27.1 Kurrikulum N860P: Natuurwetenskaponderwys

Voornemende studente moet oor 'n toepaslike honneursgraad en die Nagraadse Onderwysertifikaat (NGOS) beskik.

Modulekode	Beskrywende naam	Kredietpunte
NWON871	Verhandeling	180
	Totale aantal kredietpunte	180

N.4.28 EKSAMINERING

N.4.28.1 Eksamens

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 4.4.

N.4.28.2 Samestelling van die deelnamepunt

'n Deelnamepunt vir 'n module (Algemene Reël 2.4.2) kan saamgestel word uit toetse, werkstukke en ander vorms van evaluering.

N.4.28.3 Toelating tot die eksamen vir modules waarin eksamen geskryf word

- Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys.
- 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skoordirekteur, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is.

N.4.28.4 Modulepunt

Die modulepunt (Algemene Reël 2.4.2) word bereken in die verhouding waarin die evalueringsmetodes van toepassing op 'n spesifieke module gekombineer word, soos in die studiegids vir die module uiteengesit is.

N.4.28.5 Slaagvereistes

- a) Die bepaling van Algemene Reël 4.4 is van toepassing.
- b) Die subminimum in die eksamen, vir alle modules op NKR-vlak 9 waarin eksamen geskryf is, is 50%.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamen geskryf is, is 'n modulepunt van 50%.
- d) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is, afsonderlik te slaag.
- e) Indien die eksaminatore nie eenparig daaroor is dat die student in 'n module geslaag het nie, berus die finale besluit by die dekaan, nadat advies ingewin is soos die dekaan nodig ag.
- f) 'n Module word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van minstens 75% behaal is. Die graad word met onderskeiding geslaag indien die gemiddelde punt, geweeg volgens die kredietpunte van elke module in die kurrikulum, minstens 75 % is.

N.4.28.6 Herhaling van modules

Eenmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepaling van Algemene Reël 4.4.6.2.

N.5 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER IN OMGEWINGS-BESTUUR

Voornemende studente moet voor die keurdatum soos deur die navorsingsdirekteur in oorleg met die skooldirekteur bepaal, by die navorsingsdirekteur aansoek doen om keuring en formele toelating tot die beoogde program in die daaropvolgende jaar (Kyk Algemene Reël 4.2). Slegs studente wat, geoordeel aan hulle akademiese rekord en ander bewese tersaaklike vooraf leer, 'n realistiese kans op sukses het, sal tot 'n program toegelaat word. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem. Laat aansoeke sal slegs oorweeg kan word indien daar nog ruimte vir 'n bykomende student in die betrokke program beskikbaar is.

NB: Lesings vir die gedoseerde modules van hierdie graad word slegs na-uurs en in Engels aangebied.

N.5.1 INLEIDING

Navorsing word in die Fakulteit Natuurwetenskappe bestuur in navorsingsentiteite. Die navorsingsentiteite is verder verantwoordelik vir die magister- en PhD-opleidingskurrikulums, dit wil sê kurrikulums wat 'n beduidende navorsingskomponent bevat.

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die dekaan goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie M-graad vereis word in die Navorsingseenheid vir Omgewingswetenskappe en –Bestuur, verrig word.

N.5.2 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van die studie is een jaar voltyds en twee jaar deelyds en die maksimum duur is twee jaar voltyds en drie jaar deelyds, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Daar kan volgens die prosedure uiteengesit in die Algemene Reël 4.4.10, aansoek gedoen word om 'n verlenging van die studietermyn.

N.5.3 AANNAMES OOR VORIGE LEER

Die student beskik oor 'n honneurs baccalaureusgraad in Geografie en Omgewingstudie.

Indien die student nie aan die bepaling van N.4.3 voldoen nie, bepaal die skooldirekteur in oorleg met die navorsingsdirekteur, en indien nodig na oorlegpleging met die dekaan, en met kennisgewing aan die fakulteitsraad, of die kandidaat op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkservaring wat tot leer gelei het, tot die Magister in Omgewingsbestuurstudie toegelaat kan word.

Op grond van individuele meriete-beoordeling deur die skooldirekteur in oorleg met die navorsingsdirekteur, kan van 'n voornemende student verwag word om eers bepaalde kernmodules te slaag, voordat hy tot die Magister in Omgewingsbestuurstudie toegelaat word.

Programspesifieke aannames word, waar van toepassing, by elk van die programbeskrywings aangedui.

N.5.4 TOELATING EN REGISTRASIE

Die toelatingsvereistes en vereiste datums van registrasie word uiteengesit in die Algemene Reël 4.2.

Die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skooldirekteur, kan toelating tot 'n program weier indien die standaard van bekwaamheid wat die voornemende student tevore in die betrokke vak(ke) waarin die student verder wil studeer, bereik het, nie aan die betrokke programvereistes voldoen nie.

Indien meer aansoeke vir 'n program ontvang word as wat die navorsingsentiteit in daardie program kan hanteer, word die groep studente wat volgens die oordeel van die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skooldirekteur, die grootste kans op sukses het, vir die betrokke program gekeur. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem.

N.5.5 GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM

Goedkeuring van die studieprogram geskied na aanleiding van die bepalings in die Algemene Reël en die tersaaklike bepalings in die Handleiding vir Nagraadse Studie. **Voornemende studente moet hierdie handleiding baie deeglik raadpleeg.** Volledige inligting oor die programme waarin daar vir hierdie graad navorsing gedoen kan word, is van die direkteur van die navorsingsentiteit verkrygbaar.

N.5.6 ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE

'n Student wat hierdie graad voltooi het, kan toegelaat word tot PhD studie in 'n kernvak waarin daar voldoende kredietpunte verwerf is.

N.5.7 UITTREEVLAKUITKOMSTE

N.5.7.1 Algemene uittreevlakuitkomste

By die suksesvolle voltooiing van hierdie kwalifikasie behoort die student in staat te wees om bewys te lewer dat hy oor die volgende vaardighede en bevoegdhede beskik:

- a) Korporatiewe omgewingsbestuur te kan toepas en 'n goeie begrip en kennis te besit van konsepte soos volhoubaarheid, omgewingsreg en die rol van plaaslike owerhede in omgewingsbestuur.
- b) Die vermoë om omgewingsbestuurstelsels te implementeer en omgewingsstandaarde toe te pas.
- c) Om kundigheid t.o.v. omgewingsoudit, omgewingsinvloedbepalings, landskapevaluering en alle relevante omgewingsevaluering en analyses te kan uitvoer en toepas.
- d) Die vermoë om selfstandig navorsing te beplan, data te versamel, te verwerk, te analiseer en in 'n skripsie saam te vat.

- e) Die vermoë om nuwe kennis te ontsluit om op die voorpunt te bly van die nuutste tegnologie en eksperimentele metodes in omgewingswetenskappe.
- f) Die vermoë om die kennis en vaardighede opgedoen in hierdie studie sinvol toe te pas as entrepreneur of in 'n bepaalde werksituasie tot voordeel van die landseksonomie en die mense aan te wend.
- g) Om as leier te kan optree in die plaaslike of breër gemeenskap.
- h) Oor die vermoë beskik om professioneel of algemeen te kommunikeer met die wetenskaplikes en die gemeenskap, hetsy mondeling of skriftelik met die gebruikmaking van die gepaste struktuur, styl en grafiese en elektroniese ondersteuning.

N.5.7.2 Spesifieke uittreevlakuitkomst

N.5.7.2.1 Kennis

By voltooiing van die kwalifikasie sal die student oor kennis en vaardighede beskik om:

- a) Die konsep van omgewingsverslaggewing te verstaan en in staat wees om 'n "Toestand van die omgewing"-verslag projek te inisieer.
- b) Die "bevel-en-beheer" en "medebestuur" strategieë in die wetgewing te verstaan en krities te valueer.
- c) Die verskillende omgewingsbestuur stelsels te verstaan en die vereistes van ISO 14001 ken en in staat wees om 'n omgewingbestuurstelsel gebaseer op ISO 14001 te implementeer.
- d) Die vereistes van 'n geïntegreerde bestuurstelsel gebaseer op ISO 14001, ISO 9000:2000 en OHSAS 18001 te verstaan.
- e) Omgewingsmonitering en prestasie-evaluasie te verstaan en te kan beplan.
- f) Die vereistes van ISO 19011 te ken en in staat wees om aan 'n omgewingsoudit deel te neem en die oudit proses te bestuur.
- g) Die begrip volhoubare ontwikkeling te verstaan en in staat wees om die beginsels van Agenda 21 toe te pas.
- h) Te verstaan hoe die regeringstrukture op die plaaslike, provinsiale en nasionale vlak opereer.
- i) Die wetlike vereistes van 'n omgewingsimpakstudie te verstaan.
- j) In staat wees om 'n basislyn studie te doen en om die siftingsproses suksesvol te bedryf.
- k) In staat wees om die proses vir die bepaling van beduidende impakte te verstaan en die verskillende moontlike prosesse te identifiseer en te beredeneer.

- l) Die publieke deelname proses suksesvol te bedryf.
- m) 'n Volledige omgewingsimpakverslag op te stel en sodanige verslag te evalueer.
- n) Die sosiale impakverslag proses te verstaan en te kan bestuur.
- o) Die strategiese en lewensiklusimpakverslag prosesse te verstaan en te kan bestuur.
- p) Die omgewingsrisiko-analise proses te verstaan en kan bestuur.

N.5.7.2.2

Vaardighede

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie kursus sal studente in staat wees om die relevante gereedskap (instrumente) te gebruik om die volle P-D-C-A-R omgewingsbestuurslus effektief te bedryf. (Die P-D-C-A-R omgewingsbestuurslus verwys na die Denningsbestuursmodel soos van toepassing in omgewingsbestuur en die simbole se betekenis is soos volg: "Plan-Do-Check-Act-Report").

Die student sal verder in staat wees om:

- a) Die beplanning, insameling van data, analise, interpretering van data en verslagdoening daarvoor vir 'n skripsie, wat aan wetenskaplike standaarde voldoen, selfstandig te kan uitvoer.
- b) Op alle wyses, hetsy mondeling, skriftelik of visueel te kan kommunikeer.
- c) In multidissiplinêre groepe te kan funksioneer en verantwoordelike en effektiewe selfbestuur te kan toepas.
- d) 'n Eie denkraamwerk te kan verwoord in die skryf van verslae.

N.5.7.2.3

Waardes

By die voltooiing van die graad sal die student bewys kan lewer dat hy/sy vertrouwd is met die volgende waardes:

- a) 'n Omgewings-, navorsings- en bewaringsetiek vanuit 'n gefundeerde perspektief.
- b) 'n Holistiese siening oor die aard, samestelling en funksionering van die omgewing.
- c) 'n Waardering vir die nasionaal- en internasionaal-gedeelde verantwoordelikheid en rentmeesterskap met betrekking tot die bestuur en bewaring van die omgewing en biodiversiteit.

N.5.8 PROGRAM: OMGEWINGSBESTUUR
NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSKAPPE EN -BESTUUR
Kwalifikasiekode: 218106

N.5.8.1 Programreëls

- Hierdie program word slegs deelytds en in **Engels** aangebied en strek oor 'n minimum van 2 jaar.
- Studente wat oor 'n toepaslike Honneursgraad (of ekwivalent) beskik kan na keuring in oorleg met die skool- en/of navorsingsdirekteur tot hierdie kurrikulum toegelaat word.
- Die sluitingsdatum vir aansoeke om tot hierdie program toegelaat te word, is die laaste dag van September van die vorige jaar.

N.5.8.2 Kurrikulum N824P: Omgewingsbestuur (Na 'n relevante honneursgraad)

Die kurrikulum bestaan uit:

Modulekode	Beskrywende Naam	Kredietpunte
Keuse Modules		
Kies in oorleg met die navorsingsdirekteur TWEE van die volgende modules		
OMBO878	Omgewingsbestuur 2	40
OMBO879	Omgewingsanalise 2	40
OMBO880	Bestuur van ekologiese drywers in akwatiese sisteme	40
OMBO881	Bestuur van ekologiese komponente in akwatiese sisteme	40
Skripsie		
OMBO873	Skripsie	100
Totaal vir die kurrikulum		180

N.5.9 EKSAMINERING

N.5.9.1 Eksamens

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 4.4.

N.5.9.2 Samestelling van die deelnamepunt

'n Deelnamepunt vir 'n module (Algemene Reël 2.4.2) kan saamgestel word uit toetse, werkstukke en ander vorms van evaluering.

N.5.9.3 Toelating tot die eksamen vir modules waarin eksamen geskryf word

- Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys.
- 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur,

voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is.

N.5.9.4 Modulepunt

Die modulepunt (Algemene Reël 2.4.2) word bereken in die verhouding waarin die evalueringsmetodes van toepassing op 'n spesifieke module gekombineer word, soos in die studiegids vir die module uiteengesit is.

N.5.9.5 Slaagvereistes

- a) Die bepaling van Algemene Reël 4.4 is van toepassing.
- b) Die subminimum in die eksamen, vir alle modules op NKR-vlak 9 waarin eksamen geskryf is, is 50%.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamen geskryf is, is 'n modulepunt van 50%.
- d) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is, afsonderlik te slaag.
- e) Indien die eksaminatore nie eenparig daaroor is dat die student in 'n module geslaag het nie, berus die finale besluit by die dekaan, nadat advies ingewin is soos die dekaan nodig ag.
- f) 'n Module word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van minstens 75% behaal is. Die graad word met onderskeiding geslaag indien die gemiddelde punt, geweeg volgens die kredietpunte van elke module in die kurrikulum, minstens 75 % is.

N.5.9.6 Herhaling van modules

Eenmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepaling van Algemene Reël 4.4.6.2.

N.6 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER COMMERCII

Voornemende studente moet voor die keurdatum soos deur die navorsingsdirekteur in oorleg met die skooldirekteur bepaal, by die navorsingsdirekteur aansoek doen om keuring en formele toelating tot die beoogde program in die daaropvolgende jaar (Kyk Algemene Reël 4.2). Slegs studente wat, geoordeel aan hulle akademiese rekord en ander bewese tersaaklike vooraf leer, 'n realistiese kans op sukses het, sal tot 'n program toegelaat word. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem. Laat aansoeke sal slegs oorweeg kan word indien daar nog ruimte vir 'n bykomende student in die betrokke program beskikbaar is.

NB: Lesings vir gedoseerde magistermodules word in die Fakulteit Natuurwetenskappe slegs voltyds aangebied.

N.6.1 INLEIDING

Die MCom-graad is 'n graad wat in die Fakulteit Natuurwetenskappe volg op 'n BCom-, Hons BCom-graad, of op 'n toepaslike BSc- of Hons BSc-graad.

Die navorsingskomponent van die kurrikulums vir hierdie graad, word binne die Navorsingseenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika gedoen.

Die studie kan voltyds of deelyds geskied.

N.6.2 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van die studie is een jaar voltyds en twee jaar deelyds en die maksimum duur is twee jaar voltyds en drie jaar deelyds, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Daar kan volgens die prosedure uiteengesit in die Algemene Reël 4.4.10, aansoek gedoen word om 'n verlenging van die studietermyn.

N.6.3 AANNAMES OOR VORIGE LEER

Die student beskik oor 'n toepaslike baccalaureusgraad en/of 'n toepaslike honneurs baccalaureusgraad. Normaalweg word vir 'n MCom-graad in 'n spesifieke vakrigting (Rekenaarwetenskap, Statistiek of Wiskunde), die honneurs baccalaureusgraad in dieselfde vak vereis met die volgende toevoeging: 'n honneurs baccalaureusgraad in Wiskunde met 'n baccalaureusgraad waarin Statistiek tot op vlak 7 verwerf is, verleen toegang tot M-studie in Statistiek.

Indien die student nie aan die bepaling van N.5.3 voldoen nie, bepaal die skooldirekteur in oorleg met die navorsingsdirekteur, en indien nodig na oorlegpleging met die dekaan, en met kennisgewing aan die fakulteitsraad, of die kandidaat op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkservaring wat tot leer gelei het, tot die MCom-studie toegelaat kan word.

Programspesifieke aannames word, waar van toepassing, by elk van die programbeskrywings aangedui.

N.6.4 TOELATING EN REGISTRASIE

Die toelatingsvereistes en vereiste datums van registrasie word uiteengesit in die Algemene Reël 4.2.

Die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skooldirekteur, kan toelating tot 'n program weier indien die standaard van bekwaamheid wat die voornemende student tevore in die betrokke vak(ke) waarin die student verder wil studeer, bereik het, nie aan die betrokke programvereistes voldoen nie.

Indien meer aansoeke vir 'n program ontvang word as wat die navorsingseenheid in daardie program kan hanteer, word die groep studente wat volgens die oordeel van die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skool-direkteur, die grootste kans op sukses het, vir die betrokke program gekeur. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem.

N.6.5 GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM

Goedkeuring van die studieprogram geskied na aanleiding van die bepalings in die Algemene Reël en die tersaaklike bepalings in die Handleiding vir Nagraadse Studie. **Voornemende studente moet hierdie handleiding baie deeglik raadpleeg.**

N.6.6 ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE

Met die suksesvolle voltooiing van een van hierdie MCom.-kurrikulums kan die student toegelaat word tot verdere leer vir die doktorsgraad, op NKR-vlak 10, in die kernvak waarin die kwalifikasie verwerf is.

Krediet sal verleen word vir modules van ander fakulteite en inrigtings, op voorwaarde dat die uitkoms- en totale kredietvereistes vir hierdie kwalifikasie as geheel nagekom word.

Met die basiese, toepasbare en spesialis-vaardighede, sowel as navorsings-vaardighede, wat die student met hierdie kwalifikasie in een van die wiskundige, rekenaarkundige en natuurwetenskaplike dissiplines opgedoen het, sal die student toegerus wees om met verdere leer en navorsing voort te gaan in verwante spesialisasiegebiede aan ander inrigtings.

Programspesifieke artikulasie moontlikhede sal, waar van toepassing, by die programbeskrywings aangedui word.

N.6.7 VERANDERING VAN MAGISTERSTUDIE NA DOKTORSTUDIE

Die Algemene Reël 4.4.9 maak voorsiening daarvoor dat 'n student wat vir 'n magistergraad geregistreer is en wat, na die eenparige oordeel van die studieleier en die betrokke navorsings- en skooldirekteure, uitkomste bereik het van 'n gehalte en omvang wat vir 'n doktorsgraad aanvaarbaar is, by die fakulteitsraad aansoek kan doen om die registrasie vir die magistergraadstudie na doktorsgraadstudie te verander.

N.6.8 UITTREEVLAKUITKOMSTE

Bo en behalwe die uittreevlakuitkomste en kritieke uitkomste soos in die algemene MSc-programbeskrywing beskryf (kyk N.4.8), sal die student ook oor die volgende spesifieke kennis en vaardighede beskik:

N.6.8.1 Kennis

- a) Kennis van die navorsingsmetodologie en -tegniek in een van die vakke wat gedemonstreer word deur die skryf van 'n navorsingsverslag of 'n verhandeling oor 'n gevorderde onderwerp.
- b) Kennis van twee of meer gevorderde onderwerpe uit een of meer van die vakke:
 - *Rekenaarwetenskap*: Lineêre Programmering, databasisse, datapakhuisse, pseudo-intelligensie, besluitnemingsondersteuningstelsels, inligtingstelselingenieurswese, rekenaarsekuriteit;
 - *Statistiek*: Gevorderde hersteekproefnemingsmetodes, statistiese modelle, meerveranderlike statistiek, waarskynlikheidsleer, stogastiese prosesse, oorlewingsteorie;
 - *Wiskunde*: Funkisionaalanalise, operatorteorie, algebra, Riesz-ruimtes en Banach-roosters.

N.6.8.2 Vaardighede

Na suksesvolle voltooiing van die program sal die student kan demonstreer dat hy/sy oor die volgende vaardighede, dit wil sê vermoëns, beskik.

- a) Die vermoë om probleme met rekenaar-/wiskundige/stogastiese inhoud uit die werklikheid te identifiseer, dit te formuleer in 'n vorm wat hom leen tot rekenaar-/wiskundige/statistiese hantering, dit aan te pak met die mees geskikte metode en die oplossing te kommunikeer.
- b) Die vermoë om nuwe tegnieke en teorieë aan te leer wat nodig is om 'n gestelde probleem op te los en om die wetenskaplike literatuur daarvoor te raadpleeg en te gebruik.
- c) Die vermoë om probleme van rekenaar-/wiskundige/stogastiese aard in 'n breë konteks te sien en in spanverband daaraan te werk.
- d) Die vermoë om abstrakte teorieë te begryp, aan te wend en te veralgemeen.
- e) Die vermoë om argumentasie logies te struktureer en samehangend te gebruik vir effektiewe vakkommunikasie tot voordeel van die breë samelewing in onderrig in Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels, Statistiek of Wiskunde tot op tersiêre vlak.
- f) Die vermoë om as selfstandige praktisyn in eie van die vakke op te tree en leiding te neem met standaard navorsingsprojekte binne sy/haar werkverband.
- g) Die vermoë om met nie-vakspesialiste te kommunikeer om sodoende die resultate van abstrakte teorieë toe te pas in die gemeenskap.
- h) Vaardigheid in die gebruik van toepaslike rekenaar-tegnologie en rekenaar-pakette.
- i) Die vermoë om internasionaal met vakgenote op dieselfde vlak te kommunikeer.

N.6.9 PROGRAM: REKENAARWETENSKAP EN INLIGTINGSTELSELS
NAVORSINGSEENHEID: BEDRYFSWISKUNDE EN INFORMATIKA
Kwalifikasiekode: 505138

N.6.9.1 Kurrikulum N870P: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels

Hierdie kurrikulum word soos volg saamgestel:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Eerste Semester		
ITRN872	Verhandeling	100
RSWW811	Navorsingsmetodologie	8
Student kies in oorleg met die navorsingsdirekteur TWEE van die volgende modules:		
ITRW876	Databasisse	32
ITRW877	Besluitsteunstelsels	32
ITRW878	Kunsmatige Intelligensie	32
ITRW883	Beeldverwerking	32
ITRW884	Inligtingstelsel ingenieurswese	32
ITRW885	Rekenaarsekureit	32
ITRW886	Datapakhuse	32
Tweede Semester		
ITRN872	Verhandeling (vervolg)	
RSWW821	Navorsingskommunikasie	8
Totale aantal kredietpunte vir kurrikulum		180

N.6.10 EKSAMINERING

N.6.10.1 Eksamens

Die eksamen geleentheid en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 4.4.

N.6.10.2 Samestelling van die deelnamepunt

'n Deelnamepunt vir 'n module (Algemene Reël 2.4.2) kan saamgestel word uit toetse, werkstukke en ander vorms van evaluering.

N.6.10.3 Toelating tot die eksamen vir modules waarin eksamen geskryf word

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerping van 'n deelnamebewys.
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is.

N.6.10.4 Modulepunt

Die modulepunt (Algemene Reël 2.4.2) word bereken in die verhouding waarin die evalueringmetodes van toepassing op 'n spesifieke module gekombineer word, soos in die studiegids vir die module uiteengesit is.

N.6.10.5 Slaagvereistes

- a) Die bepaling van Algemene Reël 4.4 is van toepassing.
- b) Die subminimum in die eksamen, vir alle modules op NKR-vlak 9 waarin eksamen geskryf is, is 50%.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamen geskryf is, is 'n modulepunt van 50%.
- d) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is, afsonderlik te slaag.
- e) Indien die eksaminatore nie eenparig daaroor is dat die student in 'n module geslaag het nie, berus die finale besluit by die dekaan, nadat advies ingewin is soos die dekaan nodig ag.
- f) 'n Module word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van minstens 75% behaal is. Die graad word met onderskeiding geslaag indien die gemiddelde punt, geweeg volgens die kredietpunte van elke module in die kurrikulum, minstens 75 % is.

N.6.10.6 Herhaling van modules

Enmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepaling van Algemene Reël 4.4.6.2.

N.7 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM ET SCIENTIAE (BEPLANNING)

Voornemende studente moet voor die keurdatum soos deur die navorsingsdirekteur in oorleg met die skooldirekteur bepaal, by die navorsingsdirekteur aansoek doen om keuring en formele toelating tot die beoogde program in die daaropvolgende jaar (Kyk die Algemene Reël 4.2). Slegs studente wat, geoordeel aan hulle akademiese rekord en ander bewese tersaaklike vooraf leer, 'n realistiese kans op sukses het, sal tot 'n program toegelaat word. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem. Laat aansoeke sal slegs oorweeg kan word indien daar nog ruimte vir 'n bykomende student in die betrokke program beskikbaar is.

N.7.1 INLEIDING

Navorsing word in die Fakulteit Natuurwetenskappe bestuur in navorsingsentiteite. Die navorsingsentiteite is verder verantwoordelik vir die magister- en PhD-opleidingskurrikulums, dit wil sê kurrikulums wat 'n beduidende navorsingskomponent bevat.

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die dekaan goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie M-graad vereis word in die Navorsingseenheid Omgewingswetenskappe en -Bestuur verrig word.

N.7.2 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van die studie is een jaar voltyds en twee jaar deelyds en die maksimum duur is twee jaar voltyds en drie jaar deelyds, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Daar kan volgens die prosedure uiteengesit in die Algemene Reël 4.4.10, aansoek gedoen word om 'n verlenging van die studietermyn.

N.7.3 AANNAMES OOR VORIGE LEER

Die student beskik oor 'n vierjarige baccalaureusgraad en/of 'n toepaslike honneurs baccalaureusgraad.

Indien die student nie aan die bepaling van N.6.3 voldoen nie bepaal die skooldirekteur in oorleg met die navorsingsdirekteur, en indien nodig na oorlegpleging met die dekaan, en met kennisgewing aan die fakulteitsraad, of die kandidaat op grond van kennis en vaardighede opgedoen deur vorige leer en werkservaring wat tot leer gelei het, tot die MArt et Scien-studie toegelaat kan word.

'n Student moet Afrikaans of Engels magtig wees.

Programspesifieke aannames word, waar van toepassing, by elk van die programbeskrywings aangedui.

N.7.4 TOELATING EN REGISTRASIE

Die toelatingsvereistes en vereiste datums van registrasie word uiteengesit in die Algemene Reël 4.2.

Die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skooldirekteur, kan toelating tot 'n program weier indien die standaard van bekwaamheid wat die voornemende

student tevore in die betrokke vak(ke) waarin die student verder wil studeer, bereik het, nie aan die betrokke programvereistes voldoen nie.

Indien meer aansoeke vir 'n program ontvang word as wat die navorsingsentiteit in daardie program kan hanteer, word die groep studente wat volgens die oordeel van die navorsingsdirekteur, in oorleg met die skooldirekteur, die grootste kans op sukses het, vir die betrokke program gekeur. Studente se agtergrond en potensiaal word in hierdie keuringsproses ook in aanmerking geneem.

N.7.5 GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM

Goedkeuring van die studieprogram geskied na aanleiding van die bepalings in die Algemene Reël en die tersaaklike bepalings in die Handleiding vir Nagraadse Studie. **Voornemende studente moet hierdie handleiding baie deeglik raadpleeg.**

N.7.6 ARTIKULASIEMOONTLIKHEDE

Na verwerwing van hierdie graad kan die student toegelaat word tot verdere leer vir die PhD-graad in Stads- en Streekbeplanning.

N.7.7 VERANDERING VAN MAGISTERSTUDIE NA DOKTORSTUDIE

Die Algemene Reël 4.4.9 maak voorsiening daarvoor dat 'n student wat vir 'n magistergraad geregistreer is en wat, na die eenparige oordeel van die studieleier en die betrokke navorsings- en skooldirekteure, uitkomst bereik het van 'n gehalte en omvang wat vir 'n doktorsgraad aanvaarbaar is, by die fakulteitsraad aansoek kan doen om die registrasie vir die magistergraadstudie na doktorsgraadstudie te verander.

N.7.8 UITTREEVLAKUITKOMSTE

By die voltooiing van hierdie kwalifikasie behoort die student in staat te wees om bewys te lewer dat hy oor die volgende vaardighede en bevoegdhede beskik:

- a) Die vermoë om vakspesifieke en breë beplanningskennis en -vaardighede toe te pas om beplanningsvraagstukke aan te pak en probleme te identifiseer, analiseer en op te los.
- b) Die vermoë om selfstandig navorsing te beplan, data te versamel, te verwerk, te analiseer en te interpreteer en dit sinvol in 'n verhandeling op te skryf.
- c) Die vermoë om nuwe kennis te ontsluit om op die voorpunt te bly van die nuutste tegnologie en navorsingstegnieke in beplanning.
- d) Die vermoë om die kennis en vaardighede opgedoen in hierdie studie sinvol toe te pas as entrepreneur of in 'n bepaalde werksituasie tot voordeel van die landseksonomie en die mense aan te wend.
- e) Om as leier te kan optree in die plaaslike of breër gemeenskap.
- f) Oor die vermoë beskik om professioneel of algemeen te kommunikeer met wetenskaplikes en die gemeenskap, hetsy mondeling of skriftelik, deur die gepaste struktuur, styl en grafiese en elektroniese ondersteuning te gebruik.
- g) Die student kan na verwerwing van die graad aansoek doen vir lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse professionele beplanningsliggaam.

N.7.9 DOEL

Die doel van hierdie program is om studente van spesialis kennis en gevorderde vaardighede te voorsien in navorsingsmetodologie, sodat die student as 'n spesialis kan aangaan in die veld van Beplanning met verdere leer op NKR-vlak 10.

Geen artikelopsie sal vanweë die professionele aard en registrasie vir die program oorweeg word nie. 'n Volledige verhandeling op grond van navorsing in een van die kernfokusse binne Stads- en Streekbeplanning sal onderneem moet word. Studieleiding sal intern verskaf word deur 'n Professionele Stads- en Streekbeplanner wat by SACPLAN geregistreer is.

N.7.10 PROGRAM: STADS- EN STREEKBEPANNING

NAVORSINGSEENHEID: OMGEWINGSWETENSAPPE EN -BESTUUR

Kwalifikasiekode: 119102

N.7.10.1 Kurrikulum N825P: Stads- en Streekbeplanning (Voltyds of Deeltyds)

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
SBEL871	Verhandeling	180
Kredietotaal van kurrikulum		180

N.7.11 EKSAMINERING

N.7.11.1 Eksamens

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene Reël 4.4.

N.7.11.2 Samestelling van die deelnamepunt

'n Deelnamepunt vir 'n module (Algemene Reël 2.4.2) kan saamgestel word uit toetse, werkstukke en ander vorms van evaluering.

N.7.11.3 Toelating tot die eksamen vir modules waarin eksamen geskryf word

- Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys.
- 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is.

N.7.11.4 Modulepunt

Die modulepunt (Algemene Reël 2.4.2) word bereken in die verhouding waarin die evalueringmetodes van toepassing op 'n spesifieke module gekombineer word, soos in die studiegids vir die module uiteengesit is.

N.7.11.5 Slaagvereistes

- Die bepalinge van Algemene Reël 4.4 is van toepassing.
- Die subminimum in die eksamen, vir alle modules op NKR-vlak 9 waarin eksamen geskryf is, is 50%.

- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamen geskryf is, is 'n modulepunt van 50%.
- d) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is, afsonderlik te slaag.
- e) Indien die eksaminatore nie eenparig daaroor is dat die student in 'n module geslaag het nie, berus die finale besluit by die dekaan, nadat advies ingewin is soos die dekaan nodig ag.
- f) 'n Module word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van minstens 75% behaal is. Die graad word met onderskeiding geslaag indien die gemiddelde punt, geweeg volgens die kredietpunte van elke module in die kurrikulum, minstens 75 % is.

N.7.11.6

Herhaling van modules

Enmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepalings van Algemene Reël 4.4.6.2.

N.8 RÛELS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE IN LANDBOU IN EKONOMIE

Sentrum: Bedryfswiskunde en Informatika		Vakgroep:	
Modulekode: BWIR672		Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Navorsingsmodule: Finansiële Modelling			
Module-uitkomste: Sien Engelse Jaarboek.			
Metode van aflewering: Voltyds			
Assesseringsmetodes:			

Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Chemie	
Modulekode: CHEN611	Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Gevorderde Organiese Chemie		
Module-uitkomst: Aan die einde van hierdie module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n uitgebreide en sistematiese kennis en kritiese begrip te hê van die molekuleorbitalteorie, veral die grensorbitalteorie, en die toepassing daarvan om die verloop van termiese perisikliese reaksies te kan verklaar (Tema 1); • die reaksies, meganismes en beginsels van nukleofiele substitusie by karbonielverbindings, eliminasie reaksies en herrangskikkingsreaksies te kan verstaan en te kan toepas en 'n geïntegreerde begrip te hê van hoe die kinetika en termodinamika die reaksieverloop en produk vorming kan beïnvloed (Tema 2); • 'n goeie begrip van die belangrikste industriële chemiese prosesse te hê asook die belangrikheid om nuwe prosesse te ontwikkel om meer ekonomies en omgewingsvriendelik te wees (Tema 3); en • multistap organiese sintesetegnieke en gevorderde eksperimentele tegnieke te kan toepas (Tema 4). 		
Metode van aflewering: Voltyds-Kontak		
Assesseringsmetodes: <i>Deelnamepunt:</i>		
<ul style="list-style-type: none"> • Teorie: Werksopdragte 70% • Kontinue klasdeelname en voordrag 30% • Prakties Praktiese verslag 50% • Mondelinge toetse oor eksperimente 50% 		
Die teorie en praktiese punte dra elk 50% by tot die deelnamepunt, waar die teoriepunt opgemaak word deur die drie temas (T1 = 20%, T2 = 20% en T3 = 10%).		
<i>Eksamenpunt:</i>		
Summatiewe assessering bestaan uit 'n vraestel van 4h oor die teorie wat op 'n vasgestelde tyd skriftelik deur elke student afgelê word.		
<i>Modulepunt:</i>		
Deelnamepunt: Eksamenpunt is 1 : 1 en 'n slaagpunt van 50% geld.		
Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Chemie	
Modulekode: CHEN612	Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Gevorderde Fisiese Chemie		
Module-uitkomst: Kwantumchemie en spektroskopie:		
Aan die einde van hierdie gedeelte van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • uitgebreide en sistematiese kennis en kritiese begrip te demonstreer van die kwantum meganiese beginsels vir translisie (deeltjie in 'n een-dimensionele potensiaalput), vibrasie (harmoniese ossillator) en rotasie (starre rotor),dit 		

wiskundig te kan beskryf en vir die teoretiese begronding van molekulêre spektroskopie te kan aanwend;

- uitgebreide kennis te demonstreer van steurings- (of perturbasie-) en variasieteorie as gevorderde kwantumeganiese tegnieke om benaderde oplossings vir kwantumeganiese stelsels met nie-eksakte oplossings te vind;
- vaardig te wees om die beginsels van molekulêre simmetrie en groepeteorie te kan kombineer ten einde insigte in molekulêre spektroskopie te verkry wat nie andersins bekombaar is nie;
- oor uitgebreide en sistematiese kennis te beskik van die ontstaan en aard van vibrasie- (of infrarooi-) rotasie- (of mikrogolf-) en elektroniese (of sigbare/ultraviolet) spektra van sowel diatomiese as polimatommiese molekule, insluitende dié van simmetriese rotors (prolaat- en oblaatmolekule), aromatiese verbindings (D_{6h}-puntgroep) en koördinasieverbindings van die oorgangsmetale (Oh puntgroep);
- kwantumeganiese groothede en groepeteorie te kan inspan om die elektroniese toestande en spektroskopiese oorgange daartussen vir poliatommiese molekule te kan beskryf.

Statistiese termodinamika:

Aan die einde van hierdie gedeelte van die module behoort die student:

- uitgebreide en sistematiese kennis en kritiese begrip te demonstreer van die verspreiding van molekulêre energietoestande; Boltzmann-distribusie; statistiese gewig; konfigurasies; molekulêre verdelingsfunksie; translasie-, vibrasie-, rotasie en elektroniese verdelingsfunksies en ensembles;
- in staat wees om die termodinamiese funksies van interne energie, warmte, arbeid, entropie, entalpie, vrye energie, warmtekapasiteite en ewewigskonstantes uit die statistiese beginsels te kan herlei, toepas en evalueer.
- vermoë te demonstreer om abstrakte en onbekende probleme wat verband hou met die statistiese termodinamiese beginsels en termodinamiese funksies op te los en die oplossings in voorgeskrewe

Gevorderde Reaksiëkinetika:

Aan die einde van hierdie gedeelte behoort die student:

- uitgebreide kennis en kritiese begrip te demonstreer van die volgende kinetiese beginsels, naamlik reaksietempo, reaksie-orde, tempokonstante, halfleeftyte, Arrhenius vergelyking, aktiveringsenergie, tempowet, tempo-bepalende reaksiestap, elementêre reaksie stappe, vloeie-ewewigbenadering en ontspanningstye en hierdie beginsels kan toepas, analiseer, evalueer om probleme te kan oplos;
- kortliks te kan verduidelik hoe snelheidsvergelings eksperimenteel bepaal kan word en die nodige snelheidsvergelings te kan herlei;
- te kan verduidelik hoe reaksiemeganismes vasgestel kan word en hoe die wisselwerking tussen teoretiese en eksperimentele metodes plaasvind;
- snelheidsvergelings te kan herlei en toe te pas vir reaksies by ewewig;
- toepassings van reaksiekinetika op ensiemreaksies, oppervlakprosesse, homogene en heterogene katalise.

Metode van aflewering: Voltyds-Kontak

Assesseringsmetodes:

Kwantumchemie en spektroskopie:

Die bydrae van hierdie submodule tot die deelnamepunt vir CHEN612 (volgens toegekende kredietpunte) bestaan uit die punte van (1) twee skriftelike onderrigtoetse wat afgelê word en (2) die skriftelike verslag oor 'n eksperiment (E1) wat op die rotasie/vibrasie- en elektroniese spektra van geselekteerde verbindings gebaseer is. Die bydrae van die submodule tot die eksamenpunt staan in dieselfde verhouding as die bydrae tot die totale kredietpunt van CHEN612. In die praktyk word die bydraes van elk van die drie submodules bymekaar getel om die finale deelname- en eksamenpunt te bereken. Die modulepunt is dan die gemiddelde van die deelnamepunt en die eksamenpunt van die drie submodules.

Statistiese termodinamika:

Formaatiewe assessering (100%) bestaan uit elke student se skriftelike probleemstellingoplossings (60%) en elke student se bydrae tot die lei van 'n seminaar (40%). Summatiewe assessering bestaan uit 'n enkele "oopboek" vraestel wat op die aangeduide dag en datum skriftelik deur elke student afgelê word. Die persentasie van die vraestel wat aan hierdie afdeling toegeken is stem ooreen met die gedeelte van die kredietpunte wat aan hierdie gedeelte toegeken word.

Gevorderde Reaksiëkinetika:

Assessering bestaan uit 'n reeks kleiner formatiewe assesserings, in die vorm van toetse en/of opdragte, wat in totaal 50% van die teoriepunt tel. Summatiewe teoretiese assessering bestaan uit 'n eksamengeleentheid wat die ander 50% van die teoriepunt tel. Die praktiese komponent word saam met die praktiese werk, verbonde aan die ander fisiese chemie eenhede (Kwantumchemie en Statistiese termodinamika), in ag geneem en 'n praktiese punt bereken. Bydrae van hierdie praktiese punt tot die finale punt word onderling tussen die drie betrokke dosente ooreengekom.

Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Chemie
---	-------------------------

Modulekode: CHEN613	Semester 1	NKR-Vlak: 8
----------------------------	-------------------	--------------------

Titel: Gevorderde Anorganiese Chemie

Module-uitkomst:

Aan die einde van hierdie module behoort die student:

- omvattende kennis en kritiese begrip te demonstreer van die binding in anorganiese molekules en spesifiek oorgangsmetaal koördinasieverbindings om die belangrikste eienskappe van hierdie molekules te kan voorspel;
- vaardighede te demonstreer deur reaksiemeganismes van anorganiese stowwe, naamlik ligandsubstitusie, elektronoordrag, ligandreaksies, stereochemiese veranderinge, fotochemiese reaksies, vastetoestandreaksies en elektrochemiese reaksies van koördinasieverbindings te gebruik om kinetiese- en ewewigdata meganisties te interpreteer en aan te wend om anorganiese sintese te beplan;
- vermoë demonstreer om 'n verskeidenheid gevorderde sintese tegnieke in anorganiese chemie te kan toepas in die oplos van komplekse probleme.

Metode van aflerwing: Voltyds-Kontak

<p>Assesseringsmetodes: <i>Deelnamepunt:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> • Teorie: Werkopdragte 8% 2 klastoetse 17% • Prakties: Voorlopige praktiese verslae 8% Finale praktiese verslae 17% <p><i>Eksamenpunt:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> • 3 uur vraestel oor die teoriekursusinhoud 50% (minimum 40%) <p><i>Modulepunt:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> • Deelnamepunt + Eksamenpunt 100% (minimum 50%) 										
Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe		Vakgroep: Chemie								
Modulekode: CHEN614	Semester 1	NKR-Vlak: 8								
Titel: Molekuulmodellering										
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Aan die einde van die module sal die student</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n begrip te hê van die verskeidenheid wiskundige modelle wat vir die beskrywing van molekules ontwikkel is. • in staat wees om 'n geskikte model vir sy eiesoortige molekuul of reaksie te kies en die nodige wiskundige bewerking met 'n kommersiële modelleringspakket uit te voer. • berekende modelleringsdata te kan interpreteer en op eksperimentele data te kan toepas. <p>die modelleringsinligting in chemieliteratuur te begryp.</p>										
Metode van aflewering: Voltyds-Kontak										
<p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Die werkwysse van hierdie module leen hom nie tot formatiewe assessering nie en daar word nie 'n deelnamepunt opgebou nie.</p> <p>Die assessering word rekenaarmatig uitgevoer en weens die praktiese aard van die assessering is daar 3½ uur beskikbaar.</p> <p>Een summatiewe assessering vind plaas waarin die volgende gemeet word:</p> <table> <tr> <td>Teoretiese afdeling</td> <td>50%</td> </tr> <tr> <td> <ul style="list-style-type: none"> • Teoretiese insigte • Vermoë om gegewe molekuulmodelleringsresultate te interpreteer. </td> <td></td> </tr> <tr> <td>Praktiese afdeling</td> <td>50%</td> </tr> <tr> <td> <ul style="list-style-type: none"> • Praktiese vermoë om molekuulmodellering aan te wend </td> <td></td> </tr> </table> <p>Vermoë om self berekende molekuulmodelleringsresultate te interpreteer.</p>			Teoretiese afdeling	50%	<ul style="list-style-type: none"> • Teoretiese insigte • Vermoë om gegewe molekuulmodelleringsresultate te interpreteer. 		Praktiese afdeling	50%	<ul style="list-style-type: none"> • Praktiese vermoë om molekuulmodellering aan te wend 	
Teoretiese afdeling	50%									
<ul style="list-style-type: none"> • Teoretiese insigte • Vermoë om gegewe molekuulmodelleringsresultate te interpreteer. 										
Praktiese afdeling	50%									
<ul style="list-style-type: none"> • Praktiese vermoë om molekuulmodellering aan te wend 										
Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe		Vakgroep: Chemie								
Modulekode: CHEN671	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8								
Titel: Projek										
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Aan die einde van hierdie module behoort die student:</p>										

<ul style="list-style-type: none"> • uitgebreide kennis oor veiligheidmaatreëls en –prosedures in die laboratorium te demonstreer; • vermoë demonstreer om 'n navorsingsprojek aan te pak, uit te voer en af te handel, naamlik <p>identifisering en analisering van 'n probleem, versameling van relevante inligting en data, interpretering, analisering en evaluering van die inligting en data; beplanning en kommunisering van die navorsingsprojek.</p>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds-Kontak</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Modulepunt: Tesame met die resultate wat tydens die projekuitvoering verkry is, sal die moeite wat in die projek ingegaan het sowel as die uitvoering en aanbieding van die projek geassesseer word.</p> <p>Summatiewe assessering bestaan uit 'n geweege punt wat uit die volgende saamgestel word: projekvoorstel (5%), opsomming (5%), plakkaatvoordrag (15%), mondelinge voordrag (15%), navorsingsartikel (30%) en uitvoering van die projek (30%).</p>		
<p>Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe</p>		<p>Vakgroep: Chemie</p>
<p>Modulekode: CHEN621</p>	<p>Semester 2</p>	<p>NKR-Vlak: 8</p>
<p>Titel: Homogene katalise</p>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Aan die einde van die module behoort die student</p> <ul style="list-style-type: none"> • die fundamentele begrippe van oorgangsmetaalchemie wat in homogene katalise van belang is te ken en te verstaan; • te verstaan watter tipe organometalkomplekse as pre- of katalisatore kan optree; • die belangrikste homogeengekataliseerde organiese reaksies te ken en kan toepas; en <p>die industriële toepassing van homogene katalise te ken.</p>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds-Kontak</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Die modulepunt bestaan uit 'n enkele summatiewe assessering wat uit 'n enkele vraestel van 1.5h. Die vraestel sal op die aangeduide dag en datum (kyk Jaarprogram) skriftelik deur elke student afgelê word en 'n slaagpunt van 50% geld.</p>		
<p>Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe</p>		<p>Vakgroep: Chemie</p>
<p>Modulekode: CHEN622</p>	<p>Semester 2</p>	<p>NKR-Vlak: 8</p>
<p>Titel: Steenkoolchemie</p>		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Aan die einde van die module behoort die student</p> <ul style="list-style-type: none"> • die oorsprong, aard en variëteit van steenkool te verstaan; • oor uitgebreide en sistematiese kennis van die pirolise en verbranding van steenkool as bron van energie en van industriële verbindings beskik; 		

<ul style="list-style-type: none"> • bewus te wees van die verskillende tipes van industriële steenkoolprosesse; • die chemiese en fisiese veranderinge tydens verskillende steenkool termiese behandelingsprosesse te kan beskryf en krities te kan bespreek; • onafhanklike navorsing- en ontwikkelingswerk binne die gebied van steenkoolchemie te kan doen; • abstrakte en onbekende probleme wat verband hou met steenkoolchemieprosesse op te los en hierdie oplossings op 'n verantwoordelike wyse in voorgeskrewe formaat individueel of in groepverband te kan kommunikeer; • oor uitgebreide en sistematiese kennis rakende die invloed en vorming van as tydens steenkool-behandelingsprosesse beskik. 		
<p>Metode van aflewering: Kontak</p> <p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Formaatiewe assessorings bestaan uit skriftelike probleemstellingoplossings, wat 50% van die deelnamepunt sal uitmaak. Elke student sal ook tydens 'n tutoriaal 'n aanbieding maak oor 'n voorafgegewe uitgebreide probleemstelling en hierdie sal deur al die ander studente en betrokke dosente evalueer word om die verdere 50% van die modulepunt te verskaf. 'n Summatiewe assesseringsgeleentheid bestaande uit 'n 3 uur lange vraestel sal geskryf word. Hierdie summatiewe assessorings sal die eksamenpunt verskaf. Die finale punt of modulepunt vir hierdie module sal opgemaak word uit 'n 60% bydrae van die summatiewe assesseringsgeleentheid (eksamen) en 'n 40 % bydrae van die formatiewe assesseringsgeleenthede (deelnamepunt).</p>		
Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe		Vakgroep: Chemie
Modulekode: CHEN623	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Membraanwetenskap- en tegnologie		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Aan die einde van die module behoort die student</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n basiese kennis van die konsepte, begrippe en definisies wat in membraanwetenskappe gebruik word te hê. • 'n idee te hê van die fisiese en chemiese eienskappe van die polimeermateriale waaruit membrane vervaardig word. • basiese bereidingsmetodes van membrane te verstaan en te kan toepas om geskikte membrane te ontwikkel. • die mees algemene karakteriseringstegniese vir membrane te verstaan. 		
<p>Metode van aflewering: Kontak</p> <p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Die deelnamepunt word saamgestel deur deurlopende formatiewe assessorings. Die eksamen bestaan uit 'n 2 uur teorie vraestel wat deur elke student skriftelik afgelê word. Die modulepunt (slaagvereiste: 50%) word uit 'n 50% bydrae van die eksamenpunt en 'n 50 % bydrae van die deelnamepunt bereken.</p>		

Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Chemie	
Modulekode: CHEM621	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Polimeerchemie		
Module-uitkomst: Aan die einde van die module behoort die student <ul style="list-style-type: none"> • belangrike terme in polimeerchemie te ken; • sintesemetodes en reaksiemeganismes van die belangrikste polimerisasiereaksies te ken, verstaan en toe te pas; • enkele eienskappe van polimeermateriale te ken en verstaan; en • algemene karakteriseringsmetodes te ken en toe te pas. 		
Metode van aflewering: Kontak		
Assesseringsmetodes: Modulepunt: Werkopdrag : Eksamenpunt is 1 : 4 en 'n slaagpunt van 50% geld. Formasiewe assessering bestaan uit 'n werkopdrag oor 'n spesifieke tema in polimeerchemie (20% van die modulepunt). Summatiewe assessering bestaan uit 'n enkele vraestel van 1.5h (80% van die modulepunt) wat op die aangeduide dag en datum (kyk Jaarprogram) skriftelik deur elke student afgelê word.		
Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Chemie	
Modulekode: CHEM622	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Gevorderde struktuuropklaring		
Module-uitkomst: an die einde van die module behoort die student <ul style="list-style-type: none"> • 'n oorsig van basiese 1D- en (^1H, ^{13}C, DEPT) tegnieke te beskik; • 'n oorsig van 2D-KMR tegnieke <ul style="list-style-type: none"> ○ ^1H-^1H Korrelasies (COSY); ○ ^1H-^{13}C Korrelasies (HETCOR, HMQC, HMBC); ○ ^{13}C-^{13}C Korrelasies (Inadequate); ○ ^1H-^1H ruimtelike naburige proton-proton interaksies (NOE, NOESY, ROESY); 'n oorsig van die KMR-spektroskopie van ander belangrike halwe spin kerne te beskik.		
Metode van aflewering: Kontak		
Assesseringsmetodes: Formasiewe assessering bestaan uit die skriftelike probleemstellingoplossings. Die finale punt vir hierdie module sal opgemaak word uit 'n 100% bydrae van die formatiewe assesserings-geleentheid.		

Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Chemie	
Modulekode: CHEM623	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Omgewingschemie		
Module-uitkomst: Aan die einde van die module behoort die student		
<ul style="list-style-type: none"> • die term omgewingschemie te kan definieer en die basiese beginsels van omgewingschemie verstaan, weergee en interpreteer • die basiese beginsels en chemiese prosesse verbonde aan die volgende verstaan, weergee en kan interpreteer: <ul style="list-style-type: none"> a) waterchemie en waterbesoedelingsprosesse b) atmosferiese chemie en besoedelingsprosesse c) grondchemie en grondbesoedelingsprosesse 		
die basiese beginsels van omgewingsrisiko-assesering en -bestuur verstaan, weergee en kan interpreteer.		
Metode van aflewering: Kontak		
Assesseringsmetodes: Formatiewe assessering om die deelnamepunt te bepaal bestaan uit mondelinge/skriftelike probleemoplossings/toetse. Die deelname punt tel 50% van die modulepunt. 'n Summatiewe assessering bestaande uit 'n eksamen geleentheid tel die oorblywende 50% van die module punt.		
Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Chemie	
Modulekode: CHEM624	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Tegniese vir organiese sintese		
Module-uitkomst: Aan die einde van die module behoort die student		
<ul style="list-style-type: none"> • Om sinteseroetes te voorspel om vanaf klein molekule tot meer komplekse; • Om deur funksionele groep transformasies sekere teikenmolekules te voorspel; • Multistapsinteses vir teikenmolekule te voorspel. 		
Metode van aflewering: Voltyds-Kontak		
Assesseringsmetodes: Formatiewe assessering (100%) bestaan uit 'n mondelinge aanbieding van sy bevindinge voor medestudente en dosente (50%) en 'n skriftelike verslag van die betrokke literatuurstudie.		

Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Chemie	
Modulekode: CHEM626	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Elektrochemie		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Elektrochemie, die studie van die uitruiling van chemiese en elektriese energie, ook bekend as redoksreaksies of elektron-oordrag reaksies, vind toepassing op 'n daaglikse basis en het onlosmaaklik deel van ons daaglikse bestaan geword. Dit sluit in weggooibare of herlaaibare batterye, die elektrolise van water ten einde waterstof en suurstof te produseer, die oksidasie van waterstof en die reduksie van suurstof in brandstofselle ten einde elektrisiteit te genereer as alternatiewe en skoon energie, die elektrorafinering van metale (bv. koper, nikkell en sink) ten einde 'n suiwer metaal daar te stel, die hidrometallurgiese loging van metale, die beskerming van metale teen korrosie ('n elektrochemiese proses opsigself) deur die elektroplatering van metale wat meer bestand is teen korrosie, die produksie van chemikalië soos chloor en natriumhidroksied deur elektrolise, asook die aanwending van elektrochemie as analitiese tegniek. 'n Groot dryf is die ontwikkeling van elektrokataliste wat spesifieke elektrochemiese reaksies versnel.</p> <p>Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer:</p> <p>a) Geïntegreerde kennis en kritiese begrip van die teoretiese grondslag met betrekking tot (i) elektrolise selle, elektron-oordrag reaksies (redoks reaksies), massa oordrag, en elektriese potensiaal, (ii) die belangrikheid van die elektrolietoplossing asook die elektriese dubbellaag, (iii) die kinetika van elektron-oordrag reaksies, (iv) die eksperimentele opstelling en faktore wat dit beïnvloed, en (v) spesifieke elektrochemiese tegnieke wat in die laboratorium aangewend word ten einde elektron-oordrag te bestudeer, en</p> <p>b eksperimentele vaardighede soos (i) die aanwending van die Nernst vergelyking ten einde basiese termodinamiese groothede (bv. potensiaal) te bereken, (ii) die opstel en gebruik van 'n drie-elektrode sel gekoppel aan 'n potensiostaat, en (iii) die gebruik van spesifieke elektrochemiese tegnieke wat insluit siklovoltmetrie, lineêre polarisasie, hidrodinamiese metodes en potensiaal stap metodes ten einde spesifieke elektron-oordrag reaksies te bestudeer.</p>		
Metode van aflewering: Voltyds-Kontak		
<p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Die student het die uitkomst van hierdie module bemeester indien hy/sy die nuutverwerfde inligting suksesvol kan 'verdedig', deur</p> <ul style="list-style-type: none"> • vyf uitgewerkte probleme in te dien wat verband hou met die teoretiese aspekte van hierdie module, • vyf eksperimentele verslae in te dien van elektrochemie eksperimente wat in die laboratorium uitgevoer is met die oogmerk om dataverwerking asook datamanipulasie uit te lig ten einde die verband tussen elektrochemiese teorie en praktyk aan die student oor te dra, en • 'n geskrewe toets af te lê wat die student se begrip van die teoretiese aspekte van hierdie module toets. 		

Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe		Vakgroep: Fisika	
Modulekode: FSKH611		Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Klassieke Meganika			
Module-uitkomst: Met die voltooiing van hierdie kursus behoort die student in staat te wees om die volgende af te lei, te verstaan en in probleme te identifiseer, toe te pas en kreatief op te los:			
<ul style="list-style-type: none"> - Newton-meganika - Lagrange-meganika, insluitende die afleiding van begrening, formulering van die Lagrange-funksie en dit met die Euler-Lagrange vergelykings op te los - Sentraalkrag probleme en starliggaam probleme - Hamilton-meganika, insluitend Legendre-transformasies, kanoniese transformasies en kanoniese invariante - Noether se stelling: Afleiding van behoudswette en verkryging van simmetrië - Deeltjie botsings 			
Metode van aflewering: Voltyds- Kontak			
Assesseringsmetodes: Huiswerk opdragte, klastoetse, eksamen.			
Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe		Vakgroep: Fisika	
Modulekode: FSKH612		Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Kwantum Meganika I			
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie kursus behoort die student die basiese beginsels van kwantummeganika te verstaan asook die implikasies daarvan op atomiese en sub-atomiese vlak:			
<ul style="list-style-type: none"> • Verstaan die fundamentele konsepte en beginsels van kwantummeganika: Die Schrödinger-vergelyking, die golffunksie en sy fisiese interpretasie, stasionêre en nie-stasionêre toestande, tydevolusie en verwagte waardes. • Interpreteer en bespreek fisiese verskynsels in die lig van die onsekerheidsbeginsel. • Verstaan die abstrakte formulering en 'taal' van kwantummeganika en die verband met lineêre algebra. • Vertroud wees met die konsepte van spin en hoekmomentum, asook die kwantifisering en optel reëls wat geld. 			
Tweedens moet die student die basiese wiskundige metodes bemeester wat in kwantum meganika gebruik word:			
<ul style="list-style-type: none"> • Moet selfstandig die Schrödinger-vergelyking vir 'n eenvoudige een-dimensionele stelsel kan oplos. • Die oplossing kan gebruik om waarskynlikhede, verwagte waardes, onsekerhede en tyd- evolusie te bereken • Net so moet eenvoudige probleme in twee en drie dimensies in verskeie koördinaat stelsels opgelos kan word, bv. deur gebruik te maak van die skeiding van veranderlikes in die Schrödinger-vergelyking. • In staat wees om met Dirac- en matriksnotasie te werk. 			

Metode van aflewering: Voltyds- Kontak		
Assesseringsmetodes: Klastoetse, besprekings, opdragte, eksamen.		
Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Fisika	
Modulekode: FSKH613	Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Elektrodinamika		
Module-uitkomste: Die student sal 'n begrip ontwikkel van:		
<ul style="list-style-type: none"> - die potensiaal formulering van elektrodinamika - dipoolstraling - straling van versnellende puntladings - toepassings van stralingsteorie vir belangrike astrofisiese stralingsmeganismes - relativistiese elektrodinamika 		
Metode van aflewering: Voltyds-Kontak		
Assesseringsmetodes: Assesseringsmetodes: weeklikse huiswerkopdragte, klasdeelname, klastoetse en finale eksamen.		
Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Fisika	
Modulekode: FSKH614	Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Plasmafisika		
Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie kursus behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • 'n Algemene kennis van die voorkoms van plasmas te hê, veral ruimteplasmas, en die toepassing van plasmafisika. • In staat te wees om die beweging van enkelgelaaide deeltjies in toenemende komplekse elektriese en magnetiese velde te beskryf. • Die betekenis van 'n volledige stel fluidevergelings vir 'n plasma af te lei en te verstaan. • 'n Werkende kennis van plasma golfeienskappe te hê, veral plasma ossillasies, elektron plasma golwe, ion (akoestiese golwe en elektromagnetiese golwe in magnetiese velde met verskillende oriëntasies. • Diffusie en beweeglikheid in swak geïoniseerde gasse en in volledige geïoniseerde plasmas te verstaan. • Die betekenis van distribusiefunksies te leer en die vergelykings van kinetiese teorie te bestudeer. 		
Bogenoemde kennis toe te pas om probleme in plasmafisika te identifiseer en kreatief op te los.		
Metode van aflewering: Voltyds-Kontak		
Assesseringsmetodes: Klastoetse, besprekings, opdragte, eksamen.		

Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Fisika	
Modulekode: FSKH671	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Projek I		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student vertrouwd te wees met die besondere navorsingsmetodologie van een of 'n kombinasie van Fisika, Astronomie en Astrofisika, Ruimtefisika, en Fisika in Toepassing, wat insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> • met leiding, die identifisering en wetenskaplike formulering van 'n probleemstelling • 'n deeglike ondersoek van bestaande gevorderde kennis soos gereflekteer deur toepaslike wetenskaplike literatuur • die uitvoer van toepaslike navorsing ter oplossing van die probleem • die wetenskaplike evaluering van die resultate in die konteks van die probleemstelling en <p>die wetenskaplike kommunisering van die resultate in die vorm van 'n verslag.</p>		
<p>Metode van aflewering: Voltyds- Navorsing en Voordrag</p> <p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Die student sal geïntegreerd geassesseer word oor:</p> <ul style="list-style-type: none"> • identifisering van 'n probleem in een of 'n kombinasie van Fisika, Astronomie en Astrofisika, Ruimtefisika, en Fisika in Toepassing en die wetenskaplike formulering daarvan • 'n wetenskaplike literatuurstudie • die uitvoer van toepaslike navorsing aan die hand van gepaste metodologie ter oplossing van die probleem • die wetenskaplike evaluering van die resultate in die konteks van die probleemstelling en • die wetenskaplike kommunisering van die resultate in die vorm van 'n verslag wat aan wetenskaplike voorskrifte voldoen. 		
Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Fisika	
Modulekode: FSKH621	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Kwantum Meganika II		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module moet die student 'n formele begrip hê van</p> <ul style="list-style-type: none"> • nie-ontaarde en ontaarde tydsonafhanklike steuringsteorie, • toepassing van bogenoemde op die waterstofatoom • die kwantum meganiese beskrywing van meerdeeltjie stelsels • tydsafhanklike steuringsteorie en die toepassing daarvan op stralingsoorgange in eenvoudige stelsels • die semi-klassieke beskrywing van die wisselwerking tussen deeltjies en elektromagnetiese velde • die kwantisering van die elektromagnetiese veld • Studente moet in alle afdelings ook bewys kan lewer dat toepaslike probleme opgelos kan word. 		

Metode van aflewering: Kontak (Lesings)		
Assesseringsmetodes: Klastoetse, huiswerkprobleme, eksamen.		
Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Fisika	
Modulekode: FSKH622	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Statistiese Meganika		
Module-uitkomst:		
<ol style="list-style-type: none"> 1. Kennis van Maxwell-Boltzmann, Fermi-Dirac, en Bose-Einstein statistieke vir die beskrywing van klassieke en kwantummeganiese termodinamiese sisteme. 2. 'n Breë reeks toepassings op labroatorium- en astrofisiese sisteme, deur middel van probleemoplossing en oefeninge in Berekeningsfisika 		
Metode van aflewering: Kontak, twee uur per week		
Assesseringsmetodes:		
Deelnamepunt (40%) deur gereelde klastoetse en opdragte; 60% deur eindeksamen.		
Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Fisika	
Modulekode: FSKH623	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Rekenaarfisika (Navorsing)		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module sal jy oor die nodige vaardighede en agtergrond kennis beskik om :		
<ul style="list-style-type: none"> • Differensiaalvergelykings (gewone en parsieële) op te los soos van toepassing op klassieke fisika. Voorbeelde sluit in planetêre beweging, ossillatoriese sisteme, voortplanting van golwe, trajekte van bewegende liggaame asook potensiale en velde • Om die Fourier transvorm toe te pas en 'n energie spektrum van seine en periodiese data te bereken. • Om fisiese sisteme te simuleer wat stogastiese prosesse insluit soos byvoorbeeld willekeurige beweging and diffusie, deur gebruik te maak van Monte Carlo metodes. • Om 'n gepaste skema te gebruik om numeries te differensieer en te integreer. • Om data te bereken, voor te stel en te kommunikeer op 'n wetenskaplike wyse. 		
Die student sal ook in die kursus meer leer oor sagtewarepakkette (gereedskap) en meer vertrouwd raak met 'n wetenskaplike programmerings taal.		
Metode van aflewering: Voltyds (Navorsing)		
Assesseringsmetodes:		
Die student word assesseeer aan die hand van werkstukke in die vorm van beperkte skripsies wat handel oor sekere probleme en die oplossing daarvan deur middel van 'n rekenaar. Die student moet aantoon dat hy/sy 'n bepaalde tegniek kon bemeester en die regte oplossing vind en wetenskaplik aanbied.		

Skool: Fisiese en Chemiese Wetenskappe	Vakgroep: Fisika	
Modulekode: FSKH672	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Projek II		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van hierdie module behoort die student vertrouwd te wees met die besondere navorsingsmetodologie van een of 'n kombinasie van Fisika, Astronomie en Astrofisika, Ruimtefisika, en Fisika in Toepassing, wat insluit:		
<ul style="list-style-type: none"> • met leiding, die identifisering en wetenskaplike formulering van 'n probleemstelling • 'n deeglike ondersoek van bestaande gevorderde kennis soos gereflekteer deur toepaslike wetenskaplike literatuur • die uitvoer van toepaslike navorsing ter oplossing van die probleem • die wetenskaplike evaluering van die resultate in die konteks van die probleemstelling en • die wetenskaplike kommunisering van die resultate in die vorm van 'n verslag. 		
Metode van aflewering: Navorsing en voordrag		
Assesseringsmetodes:		
Die student sal geïntegreerd geassesseer word oor:		
<ul style="list-style-type: none"> • identifisering van 'n probleem in een of 'n kombinasie van Fisika, Astronomie en Astrofisika, Ruimtefisika, en Fisika in Toepassing en die wetenskaplike formulering daarvan • 'n wetenskaplike literatuurstudie • die uitvoer van toepaslike navorsing aan die hand van gepaste metodologie ter oplossing van die probleem • die wetenskaplike evaluering van die resultate in die konteks van die probleemstelling en • die wetenskaplike kommunisering van die resultate in die vorm van 'n verslag wat aan wetenskaplike voorskrifte voldoen. 		
Skool: Geo- en Ruimtelike Wetenskappe	Vakgroep:	
Modulekode: GGFS671	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Inleiding tot Aardwaarneming		
Module-uitkomst:		
Metode van aflewering:		
Assesseringsmetodes:		
Skool: Geo- en Ruimtelike Wetenskappe	Vakgroep:	
Modulekode: GGFS672	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Lugbesoedeling		
Module-uitkomst:		
Metode van aflewering:		
Assesseringsmetodes:		

Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe	Vakgroep: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels
Modulekode: ITRI611	Semester 1 NKR-Vlak: 8
Titel: Datapakhuisse I	
Module-uitkomst: ITRI 611 (12) DATAPAKHUISE I (3 URE) Na voltooiing van hierdie module behoort die student 'n insig in en basiese kennis te hê van datapakhuisse. Studente behoort voldoende kennis te hê om met praktisyns in gesprek te tree. Daarbenewens behoort studente 'n klein datapakhuis volgens 'n voorgeskrewe metodologie tot by die data-aanbiedingsfase te kan ontwerp. Op teoretiese vlak behoort die student insig in en basiese kennis te hê van die volgende begrippe van datapakhuisse: algemene datapakhuisbegrippe; die lewensiklus van die datapakhuis; alternatiewe datapakhuismetodologieë; dimensionele modellering; versameling van vereistes; en ekstraheer- laai- en transformeer- (ETL) funksies. Vanuit 'n praktiese perspektief beskou, behoort studente die vermoë te demonstreer om: gebruikersbenodigde te begryp; geskikte programmatuurprodukte op te stel; 'n dimensionele model te ontwikkel; ETL uit te voer; en 'n datapakhuisblaaier te skep. Geskikte dokumentasie behoort vir die praktiese werk ontwikkel te word.	
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds	
Assesseringsmetodes: Formatiewe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering.	
Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe	Vakgroep: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels
Modulekode: ITRI612	Semester 1 NKR-Vlak: 8
Titel: Lineêre Programmering I	
Module-uitkomst: Aan die einde van die module moet die student in staat wees om die volgende te ken en te kan toepas: <ul style="list-style-type: none"> • Inleiding tot modellering en Lineêre Programmering • Lineêre Algebra en meetkundige voorstellings • Die Simpleks-metode • Kunsmatige veranderlikes en konvergensie-aspekte • Implementeringsaspekte, datahantering en optimaliteit • Dualiteit en Sensiwiteitsontleding Kompleksiteitsaspekte en ander algoritmes.	
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds	
Assesseringsmetodes: Formatiewe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering.	

Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe	Vakgroep: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels
Modulekode: ITRI613	Semester 1 NKR-Vlak: 8
Titel: Databasisse I	
Module-uitkomste: Nadat jy hierdie module suksesvol afgehandel het, behoort jy in staat te wees om: Meer teoreties: <ul style="list-style-type: none"> • Die doel en argitektuur van 'n tipiese Databasisbestuurstelsel (DBBS) te bespreek; • 'n SQL uitdrukking in relasie-algebra te kan skryf, dit te kan omskakel na SQL en 'n relasie-algebra uitdrukking as basis vir 'n navraag te kan bespreek; • Die wyse te bespreek wat SQL en ander benaderings veronderstel is om uit te voer; • Die wyse te verduidelik waarvolgens baie groot lêers bestuur word en berekenings te doen om die koste implikasies te bepaal; • Die organisering en funksionering van verskillende indeks-benaderings te kan beskryf en berekenings te doen om die koste implikasies te bepaal; Meer prakties (gebaseer op die Oracle DBBS): <ul style="list-style-type: none"> • Die Oracle Databasis Argitektuur te kan beskryf en die databasis omgewing te kan voorberei volgens Oracle se "Administration Workshop I"; • Die tipiese funksies van 'n DBA te kan toepas op die Oracle DBBS. Die funksies om toe te pas, sluit in: Skep van 'n Oracle DB; Bestuur van 'n Oracle "Instance"; Bestuur van Oracle se DB stoor; Administrasie van gebruikersekuriteit; Bestuur van Oracle se skema objekte; Bestuur van data en gelyktydige toegang; Herstel data; Implementering van Oracle se DB sekuriteit en hantering van DB instandhouding. 	
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds	
Assesseringsmetodes: Formatiewe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering.	
Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe	Vakgroep: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels
Modulekode: ITRI614	Semester 1 NKR-Vlak: 8
Titel: Inligtingstelsel ingenieurswese I	
Module-uitkomste: Studente behoort na die voltooiing van hierdie module <ul style="list-style-type: none"> • projekbestuur in die IT-konteks te verstaan en te kan toepas; • projekbestuurprosesgroepe te verstaan en te kan bestuur; • projekintegrasiebestuur te verstaan en te kan toepas; • omvangbestuur te verstaan en te kan toepas; • tydbestuur te verstaan en te kan toepas; • kostebestuur te verstaan en te kan toepas; • kwaliteitbestuur te verstaan en te kan toepas; • menslike hulpbronnebestuur te verstaan en te kan toepas; • kommunikasiebestuur te verstaan en te kan toepas; • risikobestuur te verstaan en te kan toepas; 	

<ul style="list-style-type: none"> • aankopebestuur te verstaan en te kan toepas. • Rolspelerbestuur te verstaan en te kan toepas. 		
Vaardighede: Studente sal 'n groot IT-projek kan beplan en bestuur. Die vaardighede wat verwerf is, stel die student in staat om die internasionale CAPM sertifiseringseksamen van die PMI af te lê.		
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering.		
Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe		Vakgroep: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels
Modulekode: ITRI615		Semester 1
NKR-Vlak: 8		
Titel: Rekenaarsekureiteit I		
Module-uitkomst: Konteks: Op teoretiese vlak moet die leerder insig en basiese kennis verwerf het oor die hoofkonsepte van rekenaar- en inligtingsekureiteit. Die leerder word sensitief gemaak vir sekureiteitsprobleme in die wêreld waarin ons leef en hy/sy moet in staat wees om gepaste kontroles teen die bedreigings te identifiseer.		
Module-uitkomst: Na suksessvolle voltooiing van die module behoort die leerders in staat te wees om:		
<ul style="list-style-type: none"> • Konsepte van rekenaar- en inligtingsekureiteit en swakplekke in gerekenariseerde omgewings te beskryf en te verstaan hoe sulke bedreigings gekontroleer kan word. • Basiese enkripsie- en dekrripsie-skemas asook die belangrikste enkripsiestelsels wat algemeen gebruik word te ken. • Bedryfstelkontroles en betroubare bedryfstelsels te verstaan. • Sekureiteitsprobleme rakende rekenaarstelsels en programme en inligting in ondernemings te identifiseer en maatreëls daarvoor aan te beveel. • Te verstaan dat sekureiteitsmaatreëls met noukeurigheid en op ooreengekome wyse voltooi moet word en dat inligting rakende die kliënt met die nodige vertroulikheid hanteer moet word. • Te verstaan dat rekenaarhulpbronne eties en verantwoordelik gebruik moet word. 		
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering.		
Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe		Vakgroep: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels
Modulekode: ITRI616		Semester 1
NKR-Vlak: 8		
Titel: Kunsmatige Intelligensie I		
Module-uitkomst: Aan die einde van die module moet die student in staat wees om die volgende te doen:		
<ul style="list-style-type: none"> • Kunsmatige Intelligensie te kan definieer en 'n definisie krities te kan evalueer • Die historiese grondslae en geskiedenis van die vak te kan beskryf 		

- Logiese Agente en die omgewings waarin hulle opereer te kan bespreek
- Die begrip Rasionaliteit te kan definieer en toe te pas op Intelligente Agente
- Probleme te kan oplos deur van verskeie ingeligte en oningeligte soekmetodes gebruik te maak
- Die geskiedenis en toepassings van neurale netwerke te kan beskryf
- Die Biologiese inspirasie vir neurale netwerke te kan verduidelik
- Verskeie neurale netwerkmodelle en argitekture te kan bespreek en te kan gebruik om praktiese probleme mee op te los
- Inligting uit verskeie modules te kan integreer en te kan aanwend in die oplos van praktiese probleme (die uitkoms sal bereik word met behulp van een of meer geïntegreerde evaluering)
- Saam te werk in groepe
- Effektief te kan kommunikeer, mondelings sowel as skriftelik deur van toepaslike tegnologie gebruik te maak.

Eties op te tree in alle aspekte rakende Kunsmatige Intelligensie.

Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds

Assesseringsmetodes:

Formatiewe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering.

Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe

Vakgroep: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels

Modulekode: ITRI617

Semester 1

NKR-Vlak: 8

Titel: Beeldverwerking I

Module-uitkomste:

Op teoretiese vlak moet die student oor insig en basiese kennis beskik van die konsepte en wiskundige agtergrond van beeldverwerking. Vanuit 'n praktiese perspektief moet die student die vermoë demonstreer om hierdie kennis toe te pas op die oplos van beeldverwerkingsprobleme.

Module-uitkomste:

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module moet die student in staat wees om:

- Basiese konsepte van beeldverwerking kan bespreek met verwysing na voorbeelde van die gebruik van beeldverwerking, verskillende beeldingsmodaliteite, visuele persepsie by die mens, beeldvaslegging, montering en kwantisering.
- Beeldverbetering in die ruimtelike domein, met verwysing na grysvlaktransforms asook ruimtelike filters vir die gladmaak en skerpmaak van beelde, kan bespreek en prakties implementeer.
- Beeldverbetering in die frekwensie domein, met verwysing na die Fouriertransform en sy eienskappe asook gladmaak, skerpmaak en homomorfiiese filters, kan bespreek en prakties implementeer.
- Die verwerking van kleurbeelde, met verwysing na die verskillende kleurmodelle asook beide pseudo-kleur en vol-kleur verwerking, kan bespreek en prakties implementeer.

Verskillende beeldkompressie algoritmes kan bespreek en implementeer.

Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds

Assesseringsmetodes:

Formatiewe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering.

Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe	Vakgroep: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels
Modulekode: ITRI618	Semester 1 NKR-Vlak: 8
Titel: Besluitsteunstelsels I	
Module-uitkomst:	
Na suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort u:	
<ul style="list-style-type: none"> • Die teorie en praktyk van verskeie modelleringsprobleme, van veral wiskundige modelle, te bemeester het; • Die vaktaal te bemeester het sodat gemaklik met kollegas gekommunikeer kan word; • Probleemoplossend te werk te kan gaan; • 'n Liefde vir die studieveld te openbaar en begrip te toon vir die verband tussen werklikheid, abstraksie, model en oplossing; en • 'n Christelike perspektief op die vakgebied besluitsteunstelsels te hê (of alternatiewelik 'n begrip daarvoor te hê). 	
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds	
Assesseringsmetodes: Formatiewe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering.	
Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe	Vakgroep: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels
Modulekode: ITRI621	Semester 2 NKR-Vlak: 8
Titel: Datapakhuise II	
Module-uitkomst:	
ITRI 621 (12) DATAPAKHUISE II (3 ure)	
Teen die einde van die module behoort die student oor die nodige insig omtrent en basiese kennis van datapakhuise te beskik. Studente behoort voldoende teoretiese kennis te hê om met praktisyne in gesprek te tree. Daarbenewens behoort studente 'n klein datapakhuis volgens 'n voorgeskrewe metodologie te ontwikkel.	
Op teoretiese vlak behoort die student insig in en basiese kennis te hê van die volgende begrippe van datapakhuise: tegniese datapakhuisargitektuur, meer gevorderde dimensionele modellering, bedryfsintelligensie (BI) toepassings en die instandhouding van BI-stelsels.	
Vanuit 'n praktiese perspektief behoort studente die vermoë demonstree om 'n OLAP-kubus op te stel, MDX te kan gebruik en eindgebruikertoepassings op te stel. Geskikte dokumentasie behoort vir die praktiese werk ontwikkel te word.	
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds	
Assesseringsmetodes: Formatiewe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering.	
Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe	Vakgroep: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels
Modulekode: ITRI622	Semester 2 NKR-Vlak: 8
Titel: Lineêre Programmering II	
Module-uitkomst:	
Aan die einde van die module moet die student in staat wees om die volgende te ken en te kan toepas:	

<ul style="list-style-type: none"> • Ontbindingstegnieke vir Groot skaalse LP • Stogastiese Programmering • Heeltallige Programmering • Minimum Koste Netwerk Vloei Algoritmes • Transportasie en Toekeningsprobleme • Maksimum Vloei Algoritmes • Kortste Pad Algoritmes. 		
Metode van aflewering: Deeltyds / Voltyds		
Assesseringsmetodes: Formatiewe en summatiewe assessering: Toetse, eksamen, praktiese evaluering.		
Skool: Rekenaar-, Statistiese en Wiskundige Wetenskappe	Vakgroep: Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels	
Modulekode: ITRI623	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Databasisse II		
Module-uitkomst: Nadat jy hierdie module suksesvol afgehandel het, behoort jy in staat te wees om: Meer teoreties:		
